

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

gehad, maar hulle liberalisme was nie van 'n baie gevaarlike aard nie. Buitendien moet onthou word dat die Pruisiese koning, as die werklike bevelvoerder oor sy groot leër, baie groot mag had.

Met die troonbestyging van Willem I in 1861 het 'n nuwe tydperk van politieke bedrywigheid vir Pruië aangebreek. Hy was reeds 'n man van gevorderde leeftyd, en sy indrukwekkende figuur en edel karakter het agting afgedwing, terwyl sy meer as gewone militêre bekwaamheid en sy geestelike frisheid en gesonde verstand hom verder daartoe in staat gestel het om in 'n veelbewoë tyd sy hoë en verantwoordelike amp met waardigheid te vul. Dat hy hom daarby in belangrike sake meer en meer op die advies van één uitstaande persoon verlaat het, is wel waar, maar dis ook 'n verdienste vir 'n vors, as hy die waarde van 'n man soos Bismarck kan appresieër en hom uitkies om groot werk, waartoe hy self nie in staat is nie, te doen.

Otto von Bismarck is op 1 April 1815 uit 'n goeie ou adellike famielie op die landgoed Schönhausen gebore. Hy was 'n wilde en vrolike seun, en staaltjies van hoe hy b.v. sy studentelewe geniet het, bestaan in oorvloed. Na volbragte universiteitstudie was hy 'n tydlank beampte in die departement van justiesie, maar die plaaslewe het hom altyd aangetrek, en in 1839 het hy daarheen teruggegaan. As „Junker,” d.w.s. adellike grootgrondbesitter, was hy in die eerste tyd nog altyd beroemd veral vir sy jolige lewenslustigheid, maar tekens van sy buitengewone wilskrag, helderheid van deursig en diepte van gees en gemoed het nie ontbreek nie, en na sy huwelik met Johanna von Puttkamer in 1847 het hy onder haar invloed 'n innig godsdienstige man met ernstige lewensopvattinge geword. Hy was 'n pragtige verteenwoordiger van sy stand, en as sulks het hy aan die verenigde landdag, d.w.s. parlement, van 1847 deelgeneem. Deur sy sterk persoonlikheid, politieke aanleg en ultra-konserwatiewe gesindheid het hy die aandag van die regering getrek, en 'n betrekking in die Pruisiese diplomatieke diens is hom aangebied. Hy het baie vinnig geklim, en na 1850 vind ons hom agtereenvolgens in die belangrike betrekkinge van Pruisiese verteenwoordiger by die ou Duitse Bond in Frankfurt en van Pruisiese gesant in Sint-Pietersburg en Parys.

Willem I het onmiddellik na sy aanvaarding van die kroon groot moeilikhede ondervind. Van 1814, toe algemene dienspog in Pruië ingevoer is, tot 1860 het die bevolking van Pruië van 12 tot 18 miljoen siele gestyg, en die jaarlikse ligting van jong manne om vir twee jaar in die leër te dien, moes van

40,000 op 63,000 opgegaan het, maar die regering het nie genoeg geld gehad om almal onder die vaandels te bring nie, en die Pruisiese leër was dus veel kleiner as wat dit volgens die diensplig-wet moes wees. Die koning wou sy leër vergroot en verbeter, deur die volle wetlike getal rekrute jaarliks onder diensplig in te trek en hulle vir drie pleks van twee jaar in die leër te hou, maar dit sou natuurlik 'n aansienlik vermëerde uitgaaf vir die staat beteken, en die vraag was, of die landdag wat die geld moes stem, met die regeringsvoorstelle akkoord sou gaan. Die Herenhuis was dadelik gered om dit te doen, maar in die huis van afgevaardigdes het die liberale 'n meerderheid gehad, en hulle wou die koning nie sy sin gee nie. Die onvermydelike botsing tussen 'n onverantwoordelike uitvoerende gesag en 'n parlement, wat alleen wette en begrotingsvoorstelle kan goed- of afkeur, was in Pruise in aantog. Die koning het g'n raad meer geweet nie en wou bedank, maar toe vind hy by Bismarck redding. Die gewese gesant word in 1862 eerste minister en onderneem om selfs teen die wil van die parlement die koninklike hervormingsplanne in die leër deur te voer.

Bismarck het aan die absolute noodsaaklikheid van hierdie planne geglo. Hy was ook ten gunste van 'n verenigde Duitsland onder die koning van Pruise, maar dit het by hom vasgestaan dat hierdie ideaal alleen deur die versterking van Pruise kon bereik word. „Nie deur toesprake en meerderheidsbesluite,” het hy in 1862 gesê, „sal die groot vraagstukke van ons tyd opgelos word nie — dit was die groot fout van 1848 en 1849 — maar deur bloed en yster.” Hy steur hom dus nie aan die verset van die liberale nie en beweeg die koning om sonder parlementêre goedkeuring te regeer en sy militêre program uit te voer. Vir meer as vier jaar was Bismarck nou die mees gehate man in Duitsland, en die liberale koerante het die Pruisiese regering heftig aangeval. Bismarck tref teenmaatreëls; hy voer b.v. 'n streng perssensuur in; en daarnaas verhoog hy die doeltreffendheid van leër en administrasie. Dit juis was die groot onderskeid tussen die outokrasie van die Pruisiese regering in hierdie tyd en b.v. die van die Stuarts in Engeland, of van die Franse Bourbons. Niemand kon uiteindelik in billikheid beweer dat die planne van Willem I en sy ministers nie in die landsbelang was nie, en dit moes ook erken word dat hulle beamptes hul werk op 'n baie bekwame en konsiensieuse manier gedoen het. Op alle administratiewe gebiede was dit die geval, maar by uitstek wat die militêre administrasie betref. Hierby het Bismarck die geluk gehad om twee

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

van die grootste krygsmanne van die eeu as helpers te kry. Dit was Von Roon, die oorlogsminister, en Von Moltke, die hoof van die generale staf. Dat Bismarek in staat was om die woede van die liberale te trotseer, moet eindelik ook nog aan hulle geleidelike verswakking toegeskryf word. Die volk het sy vertrou in die wysheid van hulle politieke teorie begin verloor; hulle was te duidelik manne van die teorie en nie van die praktyk nie; en veral na die opkoms van die sosialisme in Duitsland onder Lasalle, wat juis in hierdie tyd plaasgevind het, word die burgerlike klasse meer en meer skrikkerig vir staatkundige droombeelde, en neig hulle daartoe om liewer in die ou aanhanklikheid aan die kroon en 'n goeie en sterk regering veiligheid te soek. Dit alles verander egter niks aan die feit dat Bismarek tot 1866 'n baie swaar stryd teen die liberalisme moes voer nie, en des te moeiliker was hierdie stryd vir hom, omdat hy in die onmiddellike omgewing van die troon invloedryke vyande had, wat somtyds selfs vir die koning laat wankel het. Die koningin het geen vertrou in Bismarek se beleid gehad nie, en die kroonprins, Frederik Willem, was bekend vir sy konstitusionele vrysinnigheid. Sy huwelik met 'n dogtêr van koningin Victoria van Engeland het hom in noue voeling met die liberale Engelse regeringskringe gebring, en hy was ten gunste daarvan om die Britse konstitusionele stelsel in Pruise in te voer. Hy het sy opinies nie verswyg nie en by een geleentheid die outokrasie van Bismarek se regering so heftig aangeval, dat sy vader hom belet het om weer sy mond in die publiek oor politieke aangeleenthede oop te maak.

Oostenryk het probeer munt slaan uit die onpopulariteit van die Pruisiese regering, en die vreemde skouspel doen hom voor dat Frans Josef, wat in sy eie ryk die vryheidsdrang van onderdrukte volke met geweld beteuel het, in 1863 op sy deurreis na Frankfort, om 'n vergadering van Duitse vorste by te woon, ook deur die liberale in Duitsland met gejuig ontvang is. Hy het met 'n voorstel verskyn om die Duitse Bond te hervorm, en dit het hierop neergekom dat die keiser van Oostenryk, nieteenstaande die feit dat die grootste gedeelte van sy heersersgebied buitekant enige vorm van Duitse federasie moes val, 'n bevoorregte posisie in 'n nuwe algemene Duitse ryksraad sou inneem. Die plan het mooi gelyk, omdat aan die ryksraad ook 'n verteenwoordigende ryksparlement vasgeknoop was, maar hoe mooi dan ook teoreties, kon die Oostenrykse voorstel alleen daarop uitloop om die Duitse verdeeldheid te bestendig. In 'n deeglik georganiseerde nasionale Duitse ryk, met 'n sterk sentrale regering, was daar geen plek vir Oosten-

van Hongarye was en oor miljoene van nie-Duitse onderdane ryk nie, eenvoudig omdat die keiser van Oostenryk ook koning geregeer het. Al die mooipraat en saampaat in Frankfort kon hieraan niks verander nie; dit kon alleen Oostenryk help om die saak van die Duitse eenheid nog langer te vertraag. Bismarck wou dus nie hê dat Willem I na die vorstevergadering sou gaan nie. Al sy ooredingskrag was nodig om die koning te oortuig dat hy moes wegbly, maar eindelik het dit hom tog geluk; en Pruiise se weiering om deel te neem het Oostenryk se hervormingsplan in duie laat val. Die tyd van bloed-en-yster-maatreëls sou nou aanbreek, en ontwikkelings langs die noordgrens van Duitsland het sy aankoms verhaas.

Koning Frederik VII van Denemarke was ook die regerende vors oor twee Duitse hertogdomme, Sleswyk en Holstein. In Sleswyk, wat direk aan Denemarke grens, was heelwat Dene woonagtig, maar Holstein was deur-en-deur Duits en het binne die grense van die Duitse Bond geval. Dat die twee hertogdomme nooit van mekaar sou geskeur word nie was egter konstitusioneel gewaarborg, en is deur die bevolking as een van hulle geërfde grondregte beskou, en hoe meer die Deense regering daartoe oorgegaan het om die Deense taal in skole en kerke in die noordelike hertogdom in te voer en verplig te maak, des te sterker het die Duitse bevolking daar die band met Holstein as 'n wapen teen denasionalisasie hooggeskat. In November 1863 sterf Frederik VII, en die suksessievraagstuk lewer groot moeilikhede op. Koning Christiaan IX was die wettige opvolger in Denemarke, en hy en die Deense regering en parlement het dit vanselfsprekend beskou dat hy oor Sleswyk en Holstein sou regeer; maar 'n ander erfreg was in die hertogdomme geldig, en die aanspraak van 'n Duitse prins, Frederik van Augustenburg, is daar algemeen erken. Om sake nog verder te vertroebel, het die Deense parlement kort voor die dood van Frederik VII 'n wet gemaak wat Sleswyk van Holstein geskei en by Denemarke ingelyf het. 'n Groot geroep om hulp teen Deense oorheersing en regsverkragting het in die hertogdomme opgegaan en in Duitsland sterk weerklank gevind. Die nasionale liberale was vuur-en-vlam ten gunste van inmenging in belang van Frederik van Augustenburg. Bismarck het hulle weer geskok. Hy was nie gereed om uit sentimentele oorwegings Sleswyk-Holstein aan die Augustenburger te help besorg nie, maar met die oog op die strategiese belangrikheid van die betwiste gebied (die Kielkanaal is later daardeur gegrawe) wou hy die kans om dit te annekseer nie laat verbygaan nie. Hy moes egter voorlopig nog met Oostenryk en die Duitse Bond

rekening hou, en hy het dus alleen op die besetting van Sleeswyk-Holstein sonder enige erkenning van die Augustenburger se aanspraak aangedring. Die Bond het op sy plan ingegaan en aan Pruise en Oostenryk opdrag gegee om gesamentlik die besetting deur te voer. Vroeg in 1864 het toe 'n gekombineerde leër onder Pruisiese opperbevel die betwiste gebied ingetrek. Die Deense regering, wat halsstarrig gebly het, kon die aanval nie stuit nie, en by die vrede van Wene is Sleeswyk-Holstein aan Pruise en Oostenryk oorgedra. Die afspraak was dat hulle die twee lande gesamentlik sou beheer, maar dit was vooruit te sien dat so 'n dubbele regeringstelsel tot wrywing sou lei en nie van duursame aarde kon wees nie. Daar was 'n nuwe twisappel in die Pruisies-Oostenrykse konflik. Ook in Sleeswyk-Holstein was daar geen plek vir Oostenryk nie.

### § 3. Die Uitskakeling van Oostenryk.

Oostenryk het daarna gestreef om die twee hertogdomme onder Frederik van Augustenburg tot 'n selfstandige Bondstaat te maak; dit was soos ons weet altyd die Oostenrykse politiek gewees om die klein Duitse state tot vriende te maak. Bismarck daarenteen wou Sleeswyk-Holstein militêr en ekonomies aan Pruise vaskoppel, maar hy was nog nie klaar vir 'n oorlog teen Oostenryk nie, en hy het dus sy goedkeuring aan die verdrag van Gastein van Augustus 1865 geheg. Daarvolgens sou Sleeswyk meer direk onder Pruise en Holstein onder Oostenryk ressorteer, albei lande in die Tolverbond tree, en Pruise Kiel as vlootbasis behou, asook die reg om die Kielkanaal aan te lê. Die verdrag van Gastein was 'n diplomatieke oorwinning vir Pruise, maar Bismarck het ingesien dat dit slegs as 'n wapenstilstand kon beskou word, en hy het in die tussentyd stappe gedoen om te voorkom dat Oostenryk in die oorlog wat onvermydelik aan die kom was, Europese bondgenote kry.

Lodewyk Napoleon was die groot gevaar, en teen die end van 1865 het Bismarck hom by Biarritz, waar hy op vakansie was, gaan opsoek. Wat werklik tussen hulle plaasgevind het, is nie duidelik nie, maar Bismarck het die versekering gekry dat Frankryk in die naderende oorlog neutraal sou bly, terwyl Napoleon onder 'n vae indruk gelaat is dat Frankryk uiteindelik in een of ander rigting 'n uitbreiding van grense kon verwag. Weer het Bismarck as diplomaat geseëvier, en in April 1866 het hy die kroon op sy diplomatieke voorbereidings gesit, deur 'n verdrag met Italië te bewerkstellig. Italië het onderneem om gelyktydig met Pruise die oorlog teen Oostenryk te verklaar,

mits die vyandelikhede binne drie maande begin. Venesië was natuurlik hier die lokaas.

Nou was Bismarek klaar, en hy kom met 'n bom wat bereken was om die gemoedere in beweging te bring. Namens Pruiise is by die Duitse Bond 'n voorstel ingedien tot die byeenroeping van 'n Duitse parlement om 'n grondwet te ontwerp, die lede waarvan op die basis van die algemene en geheime stemreg gekies moes word. Die hele wêreld was verstom dat die konserwatiewe Pruisiese eerste minister skielik so radikaal-liberaal kon geword het, maar Bismarek het geweet wat hy doen. Nes Disraeli in Engeland en Lodewyk Napoleon in Frankryk het hy gesien dat die liberalisme sy kragtigste steun by die besittende middelklasse vind, en dat die arbeiders dikwels die beste vriende van 'n konserwatiewe outokratiese regering is. Hy kon dit dus waag om hierdie voorstel te maak, en daar was skynbaar ook onmiddellik groot voordele daaruit te verwag: dit sou b.v. die opkomende sosialisme teenwerk en die groot nasionale beweging 'n Pruisiese rigting gee. Verder, in 'n staat op suiwer Duits-nasionale grondslag gestig, was daar geen plek vir Oostenryk nie.

Bismarek se verwagtings is nie gou verwesenlik nie. Die regerings van die Duitse state het sy voorstel afgekeur, en onder die volksmassas het dit geen geesdrif verwek nie. Hulle het die nuwe kampvegter vir die regte van die proletariaat nie vertrou nie. Dit het gelyk asof die drie maande verby sou gaan sonder oorlog; en toe maak Oostenryk, erg geprikkel, 'n fout. Op 1 Junie 1866 verklaar die Oostenrykse regering dat die Duitse Bond die Sleeswyk-Holstein-vraagstuk moet beslis. Dit kon as 'n breuk van die verdrag van Gastein opgevat word, en was in elk geval bedoel om Pruiise uit te tart. Willem I was nie langsaam om die handschoen op te neem nie, en op 14 Junie was die oorlog daar.

By die begin het die kanse vir Oostenryk goed gelyk. Die hele Suid-Duitsland, asook Sakse, Hanover en ander Middel- en Noord-Duitse state het aan sy kant getree, sodat Pruiise teenoor 'n groot oormag te staan gekom het; maar so uitstekend was die Pruisiese leërorganisasie, en so voortrefflik die leiding van Von Moltke en sy ondergeskikte, dat die Oostenrykers eenvoudig oorrompel is. Die beslissende slag was by Königgrätz of Sadowa in Boheme op 3 Julie. Daarna was die pad na Wene vir die Pruiise oop, en keiser Frans Josef het hom gehaas om vrede te sluit. In die tussentyd het dit met die Oostenrykse bondgenote in Duitsland ook maar beroerd gegaan. Die Pruisiese slagvaardigheid en militêre oppermag was so verbluffend,

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

dat ernstige verset byna nie moontlik was nie. Alleen op één front het die Oostenrykse sukses behaal. Die Italianers is by Custozza verslaan. Hulle kon Venesië dus nie verower nie; maar by die vrede is dit aan hulle gegee.

Lodewyk Napoleon was die vredeestigter. Hy het hom van die begin af hierdie rol toegeding, maar tog veel anders as wat dit in werklikheid geword het. Hy het gemeen dat die vegtende partye na 'n lang worsteling, wat vir Duitsland weer op die rand van totale uitputting sou gebring het, hom sou smeeke of in elk geval toelaat om die vrede, d.w.s. sy vrede, aan hulle te gee, en dan sou ook die tyd gewees het om nader oor die uitbreiding van Frankryk se grense te praat. Sadowa het sy verwagtings wreed teleurgestel. Die berig daarvan was vir hom en sy volk 'n geweldige en pynlike skok, en 'n geroep om wraak op die Pruiëse het begin opgaan; maar dit was te laat. Deur Bismarck in Biarritz diplomaties uitoorlé en deur sy eie onder-skatting van Pruiëse se mag op 'n dwaalspoor gebring, het Lodewyk Napoleon die kans waarna hy gesoek het om in 'n verdeelde en verswakte Duitsland 'n beslissende rol te speel, ongebruik laat verbygaan. By die begin, en nie aan die end van die oorlog nie, het sy kans gelê, maar hoe kon hy ook ooit vermoed het dat alles in sewe weke oor sou wees.

Onmiddellik na Sadowa het Frans Josef vir Napoleon versoek om as bemiddelaar op te tree, en Bismarck het alles in sy vermoë gedaan om die vrede te verhaas. Willem I, 'n goeie soldaat maar 'n slegte diplomaat, wou grondgebied van Oostenryk eis, maar Bismarck, met sy oog op die vredeestigter en wat nog met hom in die toekoms vir Pruiëse voorlé, wou alles vermy wat vir Oostenryk vyandig gesind kon hou. En hy het sy wil deurgesit. Lodewyk Napoleon was in naam die bemiddelaar, maar die vrede van Praag was soos Bismarck dit wou hê. Die hoofinhoud daarvan was as volg: Oostenryk betaal 'n geringe skadevergoeding aan Pruiëse en staan Venesië aan Italië af, maar behou vir die res sy gebied onaangetas. Al offer wat Pruiëse van Oostenryk eis, is dat Frans Josef hom voortaan by die probleme van sy eie uitgestrekte ryk bepaal en hom nie langer met Duitse aangeleenthede inlaat nie. In Duitsland daarenteen sal Pruiëse nou die hoofrol speel; Sleeswyk-Holstein, Hannover, Nassou en nog 'n paar klein staatjies word Pruiëse gebied, en die state noord van die Main word in 'n Noord-Duitse Bond onder leiding van Pruiëse verenig. Die Suid-Duitse state mag ook 'n Bond vorm, maar in watter verhouding hierdie Bond tot die Noord-Duitse sal staan, word nie neergelê nie.

Die Suid-Duitse Statebond was eintlik Lodewyk Napoleon

se idee. Hy het tevergeefs geprobeer om 'n stuk Rynland vir Frankryk te kry, en daarin teleurgestel, hom beywer om die Pruisiese konfederasie tot Noord-Duitsland te beperk en 'n suidelike groep, wat, dit was sy hoop, by Frankryk aansluiting sou soek, as teengewig tot stand te bring. Bismarek het in hierdie beperking wat op Pruise gelê is, berus. „Bloed en yster” het voorlopig genoeg uitgerig. Die tyd daarvoor sou weer kom, maar intussen was daar groot en dringende konstruktiewe werk om te doen. Die nuwe Pruisiese provinsies moes onder 'n beoorlikke administrasie gebring en op militêre gebied in die Pruisiese stelsel opgeneem word, en aan die Noord-Duitse Bond, die werklike begin van die Duitse nasionale eenheidstaat, moes 'n vaste vorm en deeglike konstitusie gegee word. Hierdie konstitusie, wat later *mutatis mutandis* ook dié van die Duitse ryk geword het, was as volg: Die aparte state behou hulle vorste en aparte regeringstelsels, asook die reg om hulle binnelandse sake self te beheer, maar sake van gemeenskaplike belang, soos buitelandse politiek, militêre aangeleenthede, in- en uitvoerregte, handel en industrie, geld-, pos- en verkeerswese, ens., word onder die gesag van die Bondsregering gestel. Aan die hoof van hierdie regering staan die koning van Pruise as Bondspresident en opperbevelvoerder van leër en vloot. Die Bondspresident oefen met 'n Bondsraad, waarop die regerings van die state volgens hulle grootte en bevolking verteenwoordigers benoem, die uitvoerende mag uit, maar die eintlike verantwoordelikheid in hierdie rigting rus op die Bondskanselier, wat deur die Bondspresident benoem word en voorsitter van die Bondsraad is. Hy beklee enigsins die posiesie van eerste minister, en nes in die geval van die Pruisiese eerste minister is hy aan die Bondspresident verantwoordelik vir sy doen en late en nie aan die volksverteenwoordigers nie. Hulle vorm die ryksdag, wat volgens die reeds verkondigde beginsel van Bismarek op die basis van die algemene stemreg saamgestel is. Alle wets-, begrotings- en belastingsvoorstelle en belangrike besluite van die regering b.v. aangaande oorlog en vrede, moet deur die ryksdag bekragtig word, en die breë volksmassas besit dus in Noord-Duitsland in 1866 reeds 'n groot mate van politieke seggenskap.

'n Konstitusie volgens Engelse model, soos die kroonprins en sy liberale vriende dit wou gehad het, was hierdie grondwet nie, maar dat dit met inagneming van bestaande staats- en heersersregte op 'n demokratiese grondslag aan Noord-Duitsland 'n sterk sentrale regering gegee het, kon nie betwyfel word nie, en algemeen het die oortuiging posgevat dat Bismarek deur sy diplomatie en staatkunde in stryd met onpraktiese slawe van

kragtelose teorieë die enigste weg tot nasionale eenheid, grootheid en geluk gevind het. Hy het 'n volksheld geword. Ook koning Willem en Von Moltke en Von Roon was voortaan populêre figure. Pruiſe het dus nie alleen ontsaglik versterk uit die oorlog getree nie, maar het ook die geesdriftige steun van 'n nuwe groot nasionale beweging vir sy koning en regering verworf. Die vereniging van die hele Duitsland onder Pruiſiese leiding tot 'n magtige ryk was nie meer 'n droombeeld nie. Dit is deur Bismarck tot 'n bereikbare ideaal gemaak, en wie die verwesenliking daarvan wou teengaan, sou 'n baie swaar taak op hom neem.

#### § 4. Die Val van Lodewyk Napoleon en die Stigting van die Duitse Ryk.

Sadowa is in Frankryk as 'n Franse neerlaag gevoel, en geweldig in sy prestige verswak, het Lodewyk Napoleon van die vredesonderhandelinge in Praag teruggekeer. Hy het vroeër na roem gestreef om luister aan sy troon te gee. Nou was die nood hom opgelê om deur een of ander sukses, liefs ten koste van Pruiſe, sy foute te herstel en sy wankelende posiesie te beveilig. Van één groot fout, wat vóór 1866 begaan is, maar die bitter vrugte waarvan Lodewyk Napoleon eers daarna moes pluk, wil ons hier in die verbygaan melding maak. In 1861 het Juarez, die president van Meksiko, die belange van buitelandse onderdane in sy land aangetas, en Spanje, Engeland en Frankryk het 'n gekombineerde vloot gestuur om Juarez tot ander insigte te bring. Vir die Spaanse en Engelse regerings was die hele saak gou afgeloop, omdat hulle met die kompensasie, deur die Meksikaanse president aangebied, tevrede was; maar die Franse keiser wou dit nie daarby laat nie. Hier was 'n mooi kans om in 'n ander land se sake beslissend in te gryp, en hy stuur dus 'n leër na Meksiko. Die Verenigde State, op die rand van die burgeroorlog, kon hom nie verhin-der nie, en hy vervolg sy plan om Juarez te verslaan en 'n regering van sy eie keuse aan Meksiko te gee. Dit het hom eers voor die wind gegaan. Die Franse onder generaal Bazaine, gesteun deur die teenstanders van Juarez, het die president op die vlug geja, en in 1863 bied Lodewyk Napoleon vir Maximiliaan, 'n broer van keiser Frans Josef, die posiesie van keiser van Meksiko aan. Maximiliaan het die aanbod aangeneem, maar die keiserskroon het vir hom 'n kroon van dorings geword. Die Amerikaanse burgeroorlog kom tot 'n end, en die Verenigde State eis onder die Monroe-leer, dat die Franse Meksiko moet verlaat. Lodewyk Napoleon moes terugkrabbel, en juis in die

tyd toe Pruise besig was om vir Oostenryk te verpletter, is die teleurgestelde Franse keiser verplig geword om sy Meksikaanse ranggenoot in die steek te laat en die Franse troepe uit Meksiko te verwyder. Maximiliaan kon hom nie in sy posiesie handhaaf nie. Deur Juarez verslaan, is hy gevang en in Junie 1867 doodgeskiet. Dit was die treurige slot van Lodewyk Napoleon se roempolitiek in Amerika, en die verwyf van verraad is teen hom geslinger. Des te meer dringend was dit dus vir hom na 1866 om iets skitterends tot voordeel van Frankryk tot stand te bring.

Die eerste gedagte van die Franse keiser was om met Pruisiese toestemming een of ander gebied te annekseer. Dit sou dan as kompensasie vir Sadowa deurgaan, die gekwetste Franse eergevoel streel, en aan Frankryk 'n uitbreiding van grense gee, vergelykbaar met dié wat Pruise ondergaan het. Bismarck het die Franse sinspelinge in die rigting van „kompensasie” nie aangemoedig nie, maar ook nie beslis afgekeur nie. Hy het hulle „dilatories behandel.” Dit was sy politiek om vir Lodewyk Napoleon aan 'n lyntjie te hou en om hom voorstelle te laat maak wat teen hom gebruik kon word. Sy diplomاسie was weer 'n sukses. Lodewyk Napoleon, wat as die besondere vriend van die Suid-Duitse state wou deurgaan, het laat verstaan dat hy ook met 'n stuk van hulle grondgebied tevrede kon gestel word, en Bismarck het ook hierdie voorstel „dilatories behandel” en in sy hart bewaar. Dit was 'n diplomatieke skaakspel tussen 'n meester en iemand wat nooit meer as 'n leerling kon wees nie; en toe gebeur iets wat die leerling die idee gegee het dat hy met één set die meester skaakmaat kon sit.

In 1868 breek 'n opstand in Spanje uit, en as gevolg daarvan het die troon vakant geword. Die Spaanse regering soek nou na 'n kandidaat en bied die kroon vir 'n famielielid van koning Willem I, prins Leopold von Hohenzollern, aan. Die moontlikheid, dat daar 'n Duitse vors, nou verwant met die koning van Pruise, op die Spaanse troon kon kom, het 'n groot opskudding in Frankryk verwek. Onder die volk het die geroep om wraak vir Sadowa sterker as ooit tevore weer opgegaan, en die oorlogsparty, wat reeds geruime tyd in die hoë regeringskringe aan die opkom was, het baie aanhangers gekry. Deur die minister van oorlog is hulle verseker dat die Franse leër uitstekend toegerus en slagvaardig was, en hulle wou hierdie kans om Pruise te verpletter en die dalende prestige van Frankryk in die hoogte te bring, nie ongebruik laat verbygaan nie. Lodewyk Napoleon het onder die omstandighede gemeen dat

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

hy hierdie onverwagte internasionale episode minstens op 'n diplomatiiese neerlaag vir Pruise moes laat uitloop, en in die eerste instansie met hierdie doel voor oë het die Franse regering met Pruise oor die saak onderhandelings gevoer.

Dit was in die somer van 1870 en vakansietyd. Bismarck wat ook graag oorlog wou hê en dus vir prins Leopold aangevoedig het om die Spaanse aanbod aan te neem, het in goeie verwagting na sy landgoed gegaan vir ontspanning. Koning Willem was in Ems, die bekende Duitse badplek. Hy was nie krygslustig nie, en ofskoon hy, as hoof van die Hohenzollerns, prins Leopold permissie gegee het om, as hy wil, die aangebode kroon te aanvaar, het hy die saak nie baie ernstig opgevat nie. By hom verskyn op 8 Julie die Franse gesant, Benedetti, en versoek hom om Leopold te verbied om die Spaanse aanbod aan te neem. Die koning antwoord vriendelik dat hy eintlik niks met die saak te doen het nie, want dit staan Leopold vry om te besluit wat hy wil, maar hy sal met die prins se vader praat. Die twee ou here het daarop verder oorleg gepleeg, en die uitslag was dat Leopold op 12 Julie vrywillig vir die kroon bedank het.

'n Mens sou sê dat die oorlogsgevaar nou verby was. Dit was die indruk wat Bismarck gekry het, toe hy van die bedanking van Leopold berig ontvang, en hy en sy vriende, Von Roon en Von Moltke, was bitter teleurgestel; maar die Franse regering het hulle weer stof tot dankbaarheid gegee. Lodewyk Napoleon, aangespoor deur die oorlogsparty, wou van die reeds behaalde klein diplomatiiese oorwinninkie 'n groot diplomatiiese neerlaag vir Pruise maak, en op 13 Julie nader Benedetti vir koning Willem met 'n merkwaardige versoek: hy moet sy spyt uitdruk dat hy vir prins Leopold verlof gegee het om die Spaanse kroon aan te neem, en hy moet belowe om so iets nooit weer te doen nie. Selfs die goeiehartige ou koning het dadelik gevoel dat hy nie sover kon gaan nie, en beleefd het hy Benedetti se versoek van die hand gewys. Die Franse gesant probeer nog 'n keer dieselfde dag om die saak met die koning te bespreek, maar Willem laat hom weet dat hy 'n verdere onderhoud onnodig ag, want hy meen dat na Leopold se bedanking die kwesie as afgehandel kan beskou word. Heeltemal vriendelik en beleefd het alles toegegaan, en onder die indruk dat alles nou reg is, stuur die koning 'n lang telegram aan Bismarck in Berlyn om hom oor wat voorgeval het, in te lig. In die slotsin gee die koning aan die hand dat die inhoud daarvan moet bekend gemaak word.

Hierdie beroemde telegram in sy geheel gelees, het die

gebeurtenisse in Ems geskilder soos hulle werklik plaasgevind het, nl. as beleefde onderhandelings, sonder belediging gevoer, en toe Bismarck dit aan Von Roon en Von Moltke voorlees, was die twee baie bedruk, omdat die kans op oorlog skynbaar hoe langer hoe kleiner geword het; maar Bismarck het 'n plan gemaak. Hy neem die telegram, krap 'n paar sinne uit, en maak dit verder op sy eie manier vir die pers klaar. Sy redaksie was as volg: „Nadat die berig van die bedanking van die prins van Hohenzollern aan die Franse regering meegedeel was, het die Franse gesant in Ems aan Sy Majesteit die koning nog die eis gestel, dat hy hom outoriseer om na Parys te telegrafeer, dat Sy Majesteit hom vir altyd verbind om nooit weer sy toestemming te gee nie, as die Hohenzollerns op hulle kandidatuur mag terugkom. Sy Majesteit het daarop geweier om die Franse gesant weer te ontmoet, en het hom deur sy adjutant laat weet, dat Sy Majesteit die gesant niks verder mee te deel het nie.”

Die twee oorlogsmanne het verras en bly opgekyk. Ja, so was dit goed. Die vredestryding het 'n uitdagende oorlogsfanfere geword, en die Franse wou mos veg! Dit was werklik 'n geval van weersydse tegemoetkoming, want die gepubliseerde telegram was ook olie op die vuur van die blakende Franse krygstemming, en op 19 Julie is die oorlog verklaar.

'n Geweldige storm van nasionale geesdrif, verder aangewakker deur Bismarck se bekendmaking van Lodewyk Napoleon se anneksasieplanne, het oor die hele Duitsland losgebars; en ook die suidelike state het hul aan die kant van Pruise geskaar. Maar nie met geesdrif alleen het die Duitsers in die oorlog gegaan nie. Uitstekend georganiseer en volgens haarfyn-uitgewerkte planne het hulle leërs Frankryk ingetrek; en toe moes blyk dat dit in Lodewyk Napoleon se keiserryk, nieteenstaande die versekering van sy oorlogsminister, op militêre gebied alles behalwe gunstig gesteld was. Die nodige voorbereidings was nie getref nie, en in 'n reeks van bloedige gevegte is die Franse verpletterend teruggeslaan. Op 2 September kapituleer Lodewyk Napoleon met 80,000 man by Sedan, en twee maande later val die laaste groot grensvesting, Metz. Hier moes generaal Bazaine hom met 173,000 man oorgee. Nou volg die beleg van Parys, waar die republiek in die tussentyd uitgeroep was, en op 28 Januarie 1871 het ook die hoofstad gekapituleer. Die oorlog was verby!

Nog vóór die val van Parys het die Duitsers die grootste vrag van hulle oorwinning gepluk. In 'n roes van nasionale geesdrif het die suidelike state besluit om op dieselfde basis

soos die noordelike hulle konstitusioneel onder Pruiſe met die res van Duitsland te verenig. Hulle het b.v. dieselfde regte aan die sentrale ryksregering afgegee, en het op dieselfde manier verteenwoordiging in die ryksraad en ryksdag (vroeër *bondsraad* en *bondsdag*) gekry; en op 18 Januarie 1871, in die pragtige spieëlsaal van die koninklike paleis in Versailles, is Willem I tot Duitse keiser uitgeroep. Sy rykskanselier (vroeër *bonds-kanselier*) was Bismarck. Op 10 Mei is die vrede gesluit, en Frankryk moes die twee Rynse grenslande, Elsas en Lotaringe, grotendeels ou Duitse gebied deur verowering onder Franse heerskappy gebring, aan die Duitse ryk afstaan en 'n oorlogskatting van vyf miljard francs binne drie jaar betaal.

Ook Italië het sy voordeel uit die Duitse oorwinning getrek. Na Sedan is die Franse garnisoen uit Rome weggeneem, en die pous was weerloos. Hy kon die koning van Italië nie verhinder om sy intog in die stad te maak en dit tot hoofstad van sy koninkryk te proklameer nie. Hy kon alleen protesteer en in sy groot paleis, die Vatikaan, sy heerskappy voortsit; en op slot van sake het hy veel meer gewen as verloor. Afgesien van sy eng-omgrensde Vatikaanterrein, waar geen ander gesag as sy eie geld nie, het hy geen wêreldlike magte oor enige gebied meer behou nie, maar grotendeels as gevolg hiervan het sy geestelike gesag suiwerder en groter geword. Dit was nie 'n toevallige sameloop van omstandighede dat die leer van die pouslike onfeilbaarheid in Julie 1870, d.w.s. gelyktydig met die uitbreek van die Frans-Duitse oorlog, afgekondig is nie. Hoe meer die wêreldlike gesag van die pous bedreig en verminder is, des te verder het hy sy aanspraak op geestelike gebied uitgebrei, en met des te meer nadruk het hy van die miljoene, wat tot hom as hulle geestelike leier opsien, geëis dat hulle aan sy onfeilbaarheid in geestelike aangeleenthede glo en sy wilsbesluite en bevele uitvoer en gehoorsaam. Hierby moet dan nog gevoeg word dat die pouslike onfeilbaarheidsverklaring ook teen die toenemende ongelowige materialisme van die tyd gerig was, en dit bring ons tot die opmerking dat die twee nuwe Sentraal-Europese moondhede, Duitsland en Italië, wat gelyktydig op nasionale basis en uit nasionale drang tot konstitusionele eenhede saamgesmee is, in die heersende materialistiese atmosfeer van hulle geboortetyd as vanself met die sug na materiële vooruitgang en territoriale uitbreiding vervul is. Sodra hulle sterk en groot was, het hulle nasionalisme in imperialisme oorgegaan; maar hiervan sal ons later hoor. Ons moet eers ons aandag aan die ontwikkeling van 'n ander nuwe groot moondheid gee.

### § 5. Die Groei van die Verenigde State van Noord-Amerika.

Ons het nou gesien hoe die grootste federatiewe staat van die Ou Wêreld, nl. die Duitse ryk, tot stand gekom het. Kenmerkend van sy samestelling is veral die skepping van 'n sterk sentrale regering, met absolute gesag oor sake van algemene belang en die handhawing van die reg van die state om, wat hulle binnelandse aangeleenthede betref, selfregerend te bly. Die vorste met hulle verskillende soort van parlamente (land-dae) het dus voortbestaan, en daar was ook plek in die ryk vir twee stedelike republieke, Hamburg en Bremen. Doeltreffende sentralisasie, met behoud van plaaslike outonomie, was ook die grondslag van die grootste federatiewe staat van die Nuwe Wêreld, nl. die Verenigde State.

Die dertien Amerikaanse state (simbolies voorgestel deur die dertien strepe op die Amerikaanse vlag) het nog 'n geruime tyd na afloop van hulle vryheidsoorlog rondgetas na 'n geskikte stelsel van gemeenskaplike regering. Tot 1789 was die konstitusionele band tussen hulle van 'n baie onvaste aard. Daar was 'n soort van sentrale gesag, maar dié had nie eers die bevoegdheid om belastinge te hef nie en was taamlik magteloos. Die vandag nog geldende grondwet, wat in die jaar van die Franse Omwenteling ingevoer is, het aan hierdie onbevredigende toestand 'n end gemaak. Dit het in die eerste plek 'n sterk sentrale gesag in die lewe geroep. Hierdie gesag berus by 'n president en twee wetgewende kamers, die senaat en die huis van afgevaardigdes. Die president word op 'n indirekte manier, waarop ons nie hoef in te gaan nie, deur die burgers van die hele Unie vir 'n ampstyd van vier jaar gekies. Hy kan die wetsvoorstelle van die wetgewende liggame (hulle word gesamentlik die kongres genoem) vir 'n beperkte tyd veto, en die uitvoerende mag lê in sy hand. In laasgenoemde rigting met 'n sterk persoonlikheid kan outokraties wees. Hy het geen ministers nie; wel sogenaamde staatssekretarisse, wat onder hom oor die verskillende regeringsdepartemente gestel is, maar hy word nie, soos b.v. 'n konstitusionele koning of die president van die Franse republiek, van verantwoordelikheid vir die doen en late van sy staatssekretarisse vrygestel nie. Die enigste beperking van sy mag as administrateur bestaan hierin dat belangrike aanstellings en verdrae deur die senaat moet goedgekeur word. Die eienaardige posiesie wat die Amerikaanse president inneem, moet verklaar word uit die feit, dat in 1789 die idee nog bestaan het dat konstitusionele vryheid deur die absolute skeiding van

die uitvoerende en wetgewende magte verseker word. Daarom ook berus die laasgenoemde mag definitief by die kongres. Dit omhels alle sake van algemene belang, asook die reg om belastinge te hef. Van die twee wetgewende kamers is die senaat die belangrikste. Elke staat, hoe groot of klein hy ook mag wees, stuur twee verteenwoordigers daarheen. In die huis van afgevaardigdes daarenteen kry die state volgens hulle bevolkingsyfer verteenwoordiging. Die state behou hulle outonomie ten opsigte van hulle eie plaaslike aangeleenthede, en hulle regeringstelsels is op dieselfde basis as die sentrale ingerig. In elke staat word 'n goewerneur deur die burgers vir 'n vaste tydperk gekies. Hy beskik oor die uitvoerende mag, wat betref sake wat nie aan die sentrale regering oorgedra is nie, en hy staan in dieselfde konstitusionele verhouding tot die gekose wetgewende liggame van sy staat as die president tot die kongres. Dit alles en nog veel meer word duidelik in die grondwet neergelê, en veranderinge in hierdie beskrewe konstitusie kan nie, soos onder die Britse sisteem, eenvoudig deur gebruik of selfs deur gewone wetgewing ingevoer word nie. 'n Spesiale prosedure is daarvoor vasgestel, en 'n amendasie van die Amerikaanse grondwet is alleen moontlik, as daar 'n baie groot mate van unanimiteit daaromtrent bestaan. Die hoë geregshof speel 'n baie belangrike konstitusionele rol in Amerika. Dit besit die toetsingsreg ten opsigte van die wette van die kongres en die staatsparlemente en ontkragtig deur sy uitspraak enige wet wat met die bepalings van die grondwet in stryd is. So word ook die grense van uniale en staatsbevoegdheid suiwer gehou.

Hierdie grondwet is in baie opsigte 'n konstitusionele meesterstuk, en sy invoering het vir Verenigde State die moontlikheid geskep om vry van onderlinge wrywing hulle groot neëntiende-eeuse taak op te neem, nl. die opening, kolonisasie en ontginning van hulle groot westelike hinterland tot by die Stille Oseaan. Hulle was in hierdie opsig baie gelukkig. Sonder imperialisme kon hulle grond annekseer en tot 'n groot moondheid ontwikkel, omdat die wêreld na die weste toe oop en leeg was. Uitbreiding deur verowering en oorheersing, d.w.s. imperialisme, was in hulle geval nie nodig nie.

Die belangrikste konstitusionele grondslag van die westelike uitbreiding is nog vóór die grondwet van 1789 en wel deur die sogenaamde Ohio-ordonnansie vasgelê. Dit was 'n wet wat die vroeëre konfederasie in 1787 gepasseer het. Die aanleiding daartoe was die onsekerheid omtrent wat met die nuut-geopende Ohiogebied moes gebeur. Moes state soos Virginia of Massachusetts toegelaat word om agter hulle trekkende burgers aan hulle grense na die weste toe uit te brei? Die

ordonnansie, wat ook na 1789 van krag gebly het, het dit nie toegelaat nie. Die hele onbesette hinterland is tot uniegebied verklaar, en die beskikking daarvoor is aan die sentrale regering opgedra. Aan mense, wat die Amerikaanse burgerskap het of daarom aansoek doen, is vrygestaan om hulle in die nuwe gebied te gaan vestig en nuwe state daar te stig. Hulle ressorteer dan onder die direkte gesag van die president en die kongres, maar sodra so 'n „territory” 'n bevolking van minstens 60,000 vry inwoners het, word dit 'n selfregerende staat met sy eie gekose goewerneur en wetgewende liggame nes die ander state van die unie, en kry dit op presies dieselfde grondslag as hulle sy aandeel aan die sentrale regeringsorgane. Die Ohio-ordonnansie was 'n eenvoudige en praktiese konstitusionele oplossing van die uitbreidingsvraagstuk, en vinnig het die een nuwe staat na die ander tot stand gekom, elkeen aangedui deur 'n addisionele ster op die Amerikaanse vlag. In hierdie tyd is ook bepalings gemaak in verband met die opmeet en verdeling van nuwe grond, en dis belangrik om op te let dat reeds in 1785 neergelê is, dat in elke nuwe „township” 'n aansienlike blok vir skooldoeleindes gereserveer moet word. Met die groot instroming van immigrante uit Europa teen die middel van die neëntiende eeu, het dit geblyk dat dit by die aanwrf en verdeling van grond nog nie bevredigend toegaan nie. Spekulante het misbruik gemaak van die maklike manier, waarop nuwe grond in besit kon geneem word, en immigrante wat grond van hulle gekoop het, is op 'n skandelige manier uitgebuit. In 1862 is toe die beroemde „Homestead”-wet deur die kongres gemaak. Dit het bepaal dat elke meerderjarige man, wat 'n burger van die Verenigde State is of dit wil word, hom op 'n stuk opgemete nuwe grond van 'n vasgestelde grootte mag vestig en dit na vyf jaar van behoorlike bewerking teen 'n geringe prys in eiendom kon kry. Sowat 75,000,000 morge is onder hierdie wet uitgegee. In die tussentyd het verbeterde verkeersweë en -middels ook tot die ontwikkeling van die binneland bygedra. Stoombote op die Hudson en die Mississippi met sy takstrome het nuwe moontlikhede van afset vir die binnelandse boer geopen; en spoorwegmaatskappye het groot grondskenkings van die unieregering gekry en hulle lyne na die weste toe uitgestoot. Ook deur die bou van kanale is goedkoop vervoer bevorder. Buitengewoon belangrik was die opening van die Eriekanaal in 1825. Dit het die natuurlike waterweg van die Hudsonrivier tot in die gebied van die groot mere verleng, en New-York tot uitvoerhawe van die ontsaglike en ryk noordwestelike binneland gemaak.

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Die volgende opgawes van bevolkingsyfers gee ons 'n indruk van die groei van die Verenigde State. In 1800 was die bevolking 5.3 miljoen; in 1830, 12 miljoen, in 1860, 31 miljoen; in 1880, 50 miljoen, en in 1900, 76 miljoen. Veral die ontwikkeling van die nuwe noordwestelike state, waarheen die stroom van Europese immigrasie besonder sterk geloop het, is merkwaardig. In 1800 was daar 50,000 inwoners; in 1830, 1,610,000; in 1860, 9 miljoen; in 1880, 17 miljoen, en in 1900, 26 miljoen. Dis om te watertand as ons sulke syfers sien. Waar bly Suid-Afrika, as ons vergelykings maak? Maar ons moet onthou dat die Verenigde State 'n besonder geseënde en ryk land is, en nie 'n inheemse naturelle-probleem meer het nie. Die verspreide Indianestamme, wat as jagters in die bosse en op die vlaktes rondgedwaal het, was te gering in getalsterkte om die opmars van die blanke beskawing gedurende die neëntiende eeu merkbaar te beïnvloed (laat staan teenhou), en het teruggeval en verdwyn.

So sien ons dan, hoe die hinterland van die groot republiek met reusespronge gekoloniseer is. In die noorde trek die vry man die westelike wêreld in. Hy kap die bosse vóór hom oop, en saag self die planke waarvan hy sy huis maak. Hy kry sy grond en boer, en binnekort is daar in sy omgewing 'n skool, 'n kerk, 'n dorp. Die bosse is uitgedun; waar vroeër oerwoud was, glinster koringare goudeel in die son; en op heuwel en vlakte wei perd en bees en skaap. In die suide het die uitbreiding ook vinnig gegaan, nog vinniger as in die noorde; maar die trekker was hier die grootboer, die aristokratiese plantasiëbesitter, wat vir sy katoen altyd meer grond in beslag geneem het. Sy slawe het hy met hom geneem om die harde werk te doen, en agter hom aan sukkel-sukkel het die arm-blanke gekom, 'n produk van die slawerny, te swak om 'n aristokraat te wees, te trots om soos 'n slaaf te werk. Hemelsbreed was nog die verskil tussen suide en noorde, en uit hierdie verskil in die tyd van uitbreiding is die groot botsing, die Amerikaanse burgeroorlog, gebore.

In die noordelike state was slawerny verbode, en die vraag het opgekóm of dit in nuwe state toegelaat moet word. Die suidelike aristokrate het geantwoord: „Ja!” want sonder slawe sou hulle of hul seuns nie hulle winsgewende katoenboerdery in die nuwe lande kon voortsit nie. Die noordelike Amerikaners daarenteen het onder filantropiese beïnvloeding die slawerny meer en meer as 'n vloek en 'n nasionale skande beskou, wat tot 'n mienimum beperk moes word, en sterk propaganda vir algehele emansipasie het van sekere kringe onder hulle

uitgegaan. Daar is b.v. die emansiepasiëblad, *The Liberator*, in 1831 gestig, en die *Anti-slavery Society*, wat twee jaar later tot stand gekom het. Geweldig was ook die uitwerking van Harriet Beecher Stowe se *Uncle Tom's Cabin*. Voorlopig egter het die slawestate in 'n baie gunstige posisie verkeer. Onder 'n reëling van die kongres, die sogenaamde Missouri-kompromis, was in 1820 bepaal dat hierdie nuwe staat 'n slawestaat sou wees, en dat wes daarvan die 36½ breedtegraad die skeiding tussen slawerny en vryheid sou aandui. Dit het 'n groot nuwe wêreld vir die slawe-eienaars oopgemaak, en hulle het die tyd sien nader, wanneer hulle met hul slawe die Stille Oseaan sou bereik. Toe word in 1848 goud in Kalifornië ontdek, en omdat die bevolking wat daarheen gestroom het, geen plantasiëbesitters was nie en die slawerny nie daar wou duld nie, het Kalifornië as 'n „vry” staat onder die Unie gekom. Dit het die slawe-eienaars baie onrustig gemaak, want elke nuwe „vry” staat het twee meer stemme teen hulle in die senaat gebring; maar in 1857 skeep hulle weer moed. In dié jaar lewer die hoë geregshof in die beroemde Dret Scott-saak 'n uitspraak wat hierop neergekom het: Aangesien die „territories” die gemeenskaplike besit van die Verenigde State is, en aangesien niemand 'n noordelike burger mag hinder om met sy eiendom daarheen te trek nie, en aangesien slawe tot die eiendom van die suidelike burgers behoort, derhalwe mag ook hulle hul met slawe-en-al in die „territories” vestig. Die gevolg van hierdie uitspraak was dat die wrywing tussen Noord en Suid nog bitterder en ernstiger geword het.

Die stryd tussen die „vry” en slawe-state was grotendeels identies met dié tussen die twee groot politieke partye, die republikeinse en die demokratiese. Eersgenoemde het die belange van die industriële en kommersiële elemente, asook van die meer intensiewe landbou, verteenwoordig, en wou, om vinnige ontwikkeling te bevorder, die mag van die sentrale regering teenoor die state liewer vermeerder as inkort. Die demokrate daarenteen het grotendeels uit suidenaars bestaan, wat onbepaald hulle eie ekonomiese gang wou gaan en die staatlike selfregering tot 'n maksimum wou uitbrei. Die vinniger ontwikkeling van die noordelike state sou in elk geval die uiteindelijke oorwinning van die republikeine verseker het, maar 'n splitsing onder hulle opponente het dit nog verhaas, en in 1860 is Abraham Lincoln, die republikeinse kandidaat, tot president gekies. Die katoenstate het gemeen dat daar nou net een redding vir hulle was: hulle moes uit die Unie tree! In Desember 1860 pleeg Suid-Karolina „sesessie”; en kort

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

daarop volg nog tien suidelike en middelstate (daaronder ook Virginia) sy voorbeeld. Hulle sluit hul tot 'n aparte „konfederasie” saam, en kies hulle eie president, Jefferson Davis. Dit het gelyk asof die werk van 1789 ongedaan gemaak was; maar die wapens moes nog besluit of 'n staat onder die grondwet die reg had om uit die Unie te tree. Lincoln en sy kongres het dit ontken.

Dis geen wonder dat die Suide die oorlog verloor het nie; die wonder is dat die Noorde so lank vir die oorwinning moes veg, van April 1861 tot April 1865. Elf suidelike state met 'n bevolking van nege miljoen, waarvan vyf en 'n half miljoen blankes was, het teenoor drie-en-twintig noordelike state met twee-en-twintig miljoen inwoners te staan gekom. Vir die langdurige verset van die suidenaars kan verskillende redes aangegee word: Hulle was besiel met 'n geesdriftige geloof dat die reg aan hulle kant was; hulle het gevoel dat hulle 'n mooi ou patriargaalse samelewing, waarin die neger as slaaf beter daaraan toe is dan as hy vrygestel word, teen ondergang verdedig. Buitendien het die arm-blanke as soldaat onder aristokratiese leiding uitstekende vegmateriaal gelewer; en om alles te kroon, het die Suide in Robert Lee van Virginia 'n militêre leier van uitstaande bekwaamheid gehad. Selfs sy gevaarlikste opponent, generaal Grant, sou in 'n gelyke stryd dit moeilik teen hom volgehou het; maar die stryd was nie gelyk nie. Nie alleen in getalsterkte nie, maar ook in rykdom en dus in toerusting, het die noordelike state hulle teenstanders ver oortref. Hulle kon b.v. ook die suidelike kuste blokkeer, en deur die uitvoer van katoen te belet, die bronaar van die suidelike welvaart toeknyp. Baie taai was die verset van die suidelike state. Op land het dit 'n lang reeks van besonder bloedige gevegte gekos om hulle krag te breek; ook op see het hulle baie las gegee; hulle gepantserde skip, die *Merrimac*, het b.v. veel skade aangerig, voordat dit in April 1862 deur die *Monitor* in 'n geveg, wat 'n nuwe tydperk in die oorlog op see geopen het, stukkend geskiet is; en die *Alabama*, in Engeland gebou en dus 'n bron van groot internasionale wrywing, waarvan ons reeds verneem het, het in sy omswerwings gevoelige verliese vir die noordelike skeepvaart veroorsaak (van sy besoek in Tafelbaai getuig nog die Kaapse liedjie: „Daar kom die Aliebama; die Aliebama ver oor die see”); maar die enduitslag was onvermydelik. Na vier jare van heldhaftige worsteling moes die suidelike state hulle onderwerp.

Die Unie was gered; — en aan die Amerikaanse slawerny het 'n end gekom. Op 18 Desember 1865 is die dertiende

amendement, wat die voortbestaan daarvan in die hele Unie verbied, in die grondwet opgeneem. Lincoln, wat onwrikbaar sy besluit, om die nasionale erfenis ongeskend vir die nageslag te bewaar, gehandhaaf het, kon die vreugde smaak om die volvoering van sy taak te aanskou; maar wat aan Washington beskore was, nl. om na jare van stryd sy volk ook in dae van vrede te lei, is nie aan hom gegee nie. Op 9 April 1865 het Lee vóór Grant se geweldige oormag gekapituleer, en vyf dae later is Lincoln deur 'n half waansinnige sluipmoordenaar doodgeskiet. Hy was 'n baie groot man, groot in alle opsigte; lank en skraal, 'n tiepiese „Uncle Sam"-figuur, maar groot veral van verstand, gees en hart.

Na die burgeroorlog het die Verenigde State nog vinniger as tevore vooruitgegaan. Die spoorwegverbinding van San Francisco met die ooskus is voltooi. Die immigrasiestroom het nog sterker gevloei, en die kolonisasie van die binneland, veral van die wyd-uitgestrekte, goed-bewaterde en vrugbare gebied van die Mississippi en sy takstrome, het die landbouproduksie enorm verhoog. In 1860 was daar 2 miljoen plase in die Verenigde State, met 'n landboubevolking van 6 miljoen; in 1880 was die syfers respektieflik 4 en 8 miljoen; en in 1900, 5 $\frac{3}{4}$  en 10 $\frac{1}{2}$  miljoen. In 1860 was die veebesit as volg: 25 $\frac{1}{2}$  miljoen beeste, 6 $\frac{1}{4}$  miljoen perde, 22 $\frac{1}{2}$  miljoen skape en 33 miljoen varke; in 1880 vind ons respektieflik 33 $\frac{1}{4}$  miljoen, 11 $\frac{1}{4}$  miljoen, 40 $\frac{3}{4}$  miljoen en 34 miljoen; in 1900, 44 miljoen, 13 $\frac{1}{2}$  miljoen, 42 miljoen en 37 miljoen. In 1860 is geproduseer 173 miljoen boesels koring, 840 miljoen boesels mielies, en 60 $\frac{1}{4}$  miljoen pond (gewig) wol; vir 1880 was die betreffende syfers 500 miljoen, 1,700 miljoen en 232 $\frac{1}{2}$  miljoen; en vir 1900 522 $\frac{1}{4}$  miljoen, 2,100 miljoen en 290 miljoen. In landbou-onderwys, boere-koöperasies, bemarkings-organisasie, die uitvinding en gebruik van beter landbou-gereedskap (dors- en maaimasjiens, roomafskeiers, stoom- en motorploë ens.), het Amerika die wêreld gelei; en hierdie faktore het ook baie tot sy ontwikkeling bygedra. Gelyktydig word kool, yster en ander minerale op enorme skaal ontgin en gebruik, en die Amerikaanse industrie, deur hoë invoerregte teen buitelandse kompetisie beskerm, het verbasend toegeneem en die nasionale welvaart nog verder geweldig laat styg.

Tekenend hiervan was ook die opkoms van 'n hele reeks van kolossale stede, sommige waarvan reeds vóór die end van die eeu hulle plek naas die grootste stede van die Ou Wêreld kon inneem. Alles het op ongekende groot skaal gegaan. In spoorweë, wat privaat ondernemings gebly het, in die indus-

trie, die handel en in „Wall Street,” die setel van die Amerikaanse geldmag in Nu-York, is reusagtige fortuine gemaak; maar nie alleen die miljoenêrs was ryk nie; ook die volk oor die algemeen was welvarend, en daar was geld om stede met pragtige geboue te versier, om universiteite en biblioteke op te rig en uit te brei en om die onderwys in alle rigtings op 'n hoë peil te bring. 'n Geseënde land dus, maar natuurlik nie sonder sy skadusye nie! Die „Trusts” het b.v. gedreig om 'n nasionale gevaar te word, en nêrens in die wêreld het die materialisme dieper in die volksgees ingedring as in Amerika nie. Die aanbidding van „the almighty dollar” het bedrywigheid en ondernemingslus baie sterk bevorder, maar het ook korrupsie in die politiek in die hand gewerk. Die „bustle” van die „Yankee” het sy voordele, en Suid-Afrika kon met vrug 'n bietjie meer daarvan invoer, maar dit lei ongetwyfeld ook tot oppervlakkigheid.

Dat die groot Amerikaanse republiek nieteenstaande sy geweldige groei en sy materialisme nie imperialisties geword het nie, is maklik verklaarbaar. Die land is so groot en ryk, dat die Amerikaner vir 'n lang tyd al sy energie binne die grense daarvan in beoefening kon bring en geen rede had om na kansen vir kapitaalbelegging daarbuite te soek nie. Hierin het egter langsaamerhand verandering gekom. Teen die end van die eeu het die oliekonings van Nu-York in Meksiko en Suid-Amerika groot belangstelling begin ontwikkel, en Amerikaanse handelsverbindinge met die treurig verwaarloosde oorblyfsels van die Spaanse koloniale ryk in die Wes-Indiese eilande het in 1898 tot 'n oorlog tussen die Verenigde State en Spanje gevoer. Die onmag van laasgenoemde land het onmiddellik aan die lig getree. Vóór die end van die jaar was die oorlog verby, en die Verenigde State het Cuba, asook die laaste oostelike besitting van Spanje, nl. die Filippynse eilande, onder die beskerming van die sterrevlag gebring. Met 'n nuwe belangstelling in buitelandse aangeleenthede gaan die V.S. so die twintigste eeu binne, en dit lei hulle ook daartoe om in 1903 in die kroniese troebele van die Middel-Amerikaanse republiekies in te gryp en so 'n gebied vir die aanlê van die Panamakanaal te verwerf. 'n Groot oogmerk daarby was om die slagvaardigheid van die Amerikaanse vloot te verhoog.

Hierdie wonderwerk van die Amerikaanse tegniek, die aanbou waarvan o.a. ook alleen moontlik was, omdat die mediese wetenskap in die tussentyd ontdek het hoe om dodelike koorsstreekte gesond te maak, nl. deur die uitroei van die kiemdraende muskiet, het in 1913 sy voorlopige voltooiing bereik, maar ver-

## GROEI VAN ITALIË, DUITSLAND EN DIE VERENIGDE STATE.

beterings om die deurvaart van die grootste skepe mooutlik te maak, het later nog gevolg. President Roosevelt het hom sterk hiervoor beywer. In hom het die Verenigde State van 1901 tot 1909 'n man van verbasende energie en dryfkrag aan die hoof gehad. Sy strewe was om na binne toe die „Trusts” onskadelik te maak en teenoor die buitewêreld die krag en grootheid van sy land te beklemtoon. Hy het dus die aanleg gehad om 'n groot imperialis te wees. En tog, selfs in sy tyd was die Verenigde State op slot van sake nie imperialisties nie, altans nie op die manier, waarop die Europese imperialisme hom veral in Afrika geopenbaar het nie. Die grondgedagte van die Amerikaanse buitelandse politiek was nog altyd soos Monroe dit in sy beroemde boodskap uitgespreek het, en wat as volg kan geïnterpreteer word: Die Verenigde State laat hulle nie met die aangeleenthede van die Ou Wêreld in nie, maar gedoog ook nie dat Europa die vryheid van enige Amerikaanse republiek aantast nie. In die Nuwe Wêreld het die leuse „Hande weg!” gegeld. In Afrika, soos ons nou sal sien, was die Europese wagwoord: „Anneksasie!”

## HOOFSTUK IV.

### DIE NUWE ANNEKSASIETYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

#### § 1. Die Anneksasie van die Diamantvelde.

Die sieniese opmerking word somtyds gehoor, dat die Witman, as hy sy heerskappy oor die Swartman wil uitbrei, die sendeling vooruit stuur om die pad vir die handelaar en die soldaat te baan. Ons sal op die kwessie of so 'n bewering billik en juis is, nie ingaan nie, maar in die verbygaan wil ons sê dat, selfs as die waarheid daarvan toegegee word, dit nie noodsaaklik blaam werp op die Europese besetting van barbaarse lande nie. Veral in Afrika, wat vir meer eeue as ons bekende historiese verledes omspan, 'n toneel van bloedige oorloë en ander wreedhede was, het die koms van die Europeaan vir die inboorling veel meer goed as kwaad gebring. Waar ons weldra sal oorgaan om die verdeling van Afrika onder die Europese state te beskryf, is dit goed om daaraan te dink dat imperialisme ook groot weldade aan die wêreld bewys het. Ons kom later hierop terug. Die punt in die bo-aangehaalde opmerking wat ons nou interesseer, is die groot rol wat die sendeling ongetwyfeld in die opening van onbekende streke gespeel het.

In ons noordwestelike binneland was die sendeling, en nie die boer nie, die pionier; en een van die uitstaande figure in hierdie verband was Robert Moffat. Omstreeks 1820 het hy sy werk onder die Betsjoeanas en Matabeles begin, en eers na 'n vyftigjarige werksaamheid, wat o.a. die vertaling van die Bybel in Setsjoeana ingesluit het, het hy Koeroeman, sy eintlike staanplek, finaal verlaat. Een van sy opvolgers daar was John Mackenzie, van wie ons nog meer sal verneem, maar hy was maar een van baie wat op Moffat se spoor die pad na die noorde ingeslaan het. Lank vóór 1870 het die een sendelingsgeselskap na die ander dieselfde koers gevat, en vóór en agter hulle het ook die handelaars getrek, totdat daar eindelik 'n gebaande weg was, die beroemde „missionaries' road." Hierdie sendelingpad het 'n baie belangrike rol in ons geskiedenis gespeel. Vir Rhodes het dit tot sy politiek van noordelike uitbreiding

## DIE NUWE ANNEKSASIETYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

gevoer, en waar hierdie politiek, soos ons nog sal sien, met die ontginning van ons minerale rykdom so nou saamhang, en sonder die geldmag wat daaruit ontstaan het, moontlik nooit deurgevoer sou geword het nie, is dit interessant om op te let, dat die eintlike geboorte van hierdie geldmag in die onmiddellike nabyheid van die sendelingspad plaasgevind het.

In die teenwoordige Hopetown-distrik, naby die plek waar die sendelingwaens vir 'n halwe eeu deur die Oranjerivier gegaan het, is in 1867 die eerste diamante gekry!

Die vondste in hierdie omgewing het egter nie voortgeduur nie, en dit het geblyk dat die grond langs die Vaalrivier op veel ryker aan diamante was. In 1869 was die streek tussen die Vaal- en die Hartrivier die toneel van die grootste bedrywigheid van die toestromende delwers; en toe kom die groot ontdekking. Tot dusver was die diamante alleen in spoelgrond gevind, maar in 1870/71 is ver van die riviere af, in die groot driehoek tussen die Vaal, die Orange en die westelike grens van die gewese Griekwaereserwe van Philippolis, sulke verbaasende vondste gedaan, dat die alluwiale rivierdelwerye vir 'n tyd byna leeggeloop het. Die groot „rush” na wat vandag Kimberley is, het begin. Uit alle hoeke van Suid-Afrika en van oorsee het duisende daarheen getrek om hulle fortuin te soek. Hoe ryk die nuwe droë delwerye werklik sou blyk te wees, hoe onuitputbaar byna, omdat hulle slegs die boonste laag van ontsaglike diep, diamanthoudende, vulkaniese pype was, kon niemand nog weet nie; maar waarom sou die delwers hulle met geologiese bespieëlings besig hou? Die diamante was in groot hoeveelhede daar vir hulle om uit te haal, en hulle het dit gedaan en in tente gewoon, en so die stad Kimberley begin. Ook oor politieke en regeringsvraagstukke het hulle hul nie baie moeg gemaak nie. Na die delwerye tussen die Vaal- en die Hartrivier het die Transvaalse regering 'n kommissaris gestuur om oor die afpen van „claims” 'n wakende oog te hou en die orde te handhaaf; en in die gebied suid van die Vaalrivier het die Vrystaatse regering soortgelyke maatreëls getref. Vir die delwers was hierdie reëlins nie onaangenaam nie. Hulle het komitees gevorm om die beampptes te help, en vir die res het hulle gegrawe en die kampelewe, so goed of so sleg hulle kon, geniet. Drank het natuurlik nie ontbreek nie, en vegpartye was nie onbekend nie, maar dit het in elk geval nie wilder en selfs minder wild toegegaan as in Kalifornië en Australië twintig jaar tevore.

Die taak om in die delwerskampe wet en orde te handhaaf, het die Vrystaatse en Transvaalse regerings op 'n behoorlike

manier uitgevoer, maar die Kaapse goewerneur het gemeen dat hulle daarvan onthef moes word, en die anneksasie van die Diamantvelde het gevolg. Die geskiedenis hiervan is enigszins ingewikkeld, en ons moet, om 'n juiste begrip daarvan te kry, 'n bietjie terugblaai.

Die eintlike diamantgebied, die reeds aangeduide driehoek, het gelê tussen die vroeëre verblyfplek van Adam Kok se Griekwas, nl. die Philippolis-streek, en die land van hulle westelike stamgenote, wat by twee dorpie, Griekwastad en Campbell, gekonsentreer, wes van die Vaalrivier gewoon het. Teen die begin van die Groot Trek was Andries Waterboer die hoof in Griekwastad; verder noord en heeltemal onafhanklik van Waterboer het Cornelis Kok oor sy afdeling van die Griekwas in Campbell gesag gevoer; en in Philippolis was 'n gelyknamige voorganger van die bekende oostelike Griekwakaptein aan die bewind. Die land wes van die Philippolis-streek tot aan die Vaalrivier is nooit deur Griekwas bewoon nie, en hulle het geen ander aanspraak daarop gehad nie, as dat hulle somtyds daar gaan jag het. Die Verdragstelsel van die jare '30 en '40 het egter daartoe gelei, dat die Kaapse regering by implikasie aan Andries Waterboer die reg toegesê het om oos van die Vaalrivier, d.w.s. buitekant sy eie gebied, 'n soort van gesag uit te oefen, want volgens die verdrag wat in 1834 tussen hom en sir Benjamin D'Urban gesluit is, het die kaptein van Griekwastad vir 'n vasgestelde jaarlikse vergoeding onderneem om die noordelike grens van die Kolonie van Kheis tot by Ramah te help beskerm. Albei hierdie plekkies lê op die Oranjerivier, die eersgenoemde direk wes van Griekwastad en Ramah 'n entjie oos van die teenswoordige Hopetown. Nou vind ons dat Andries Waterboer van tyd tot tyd aanspraak op heerskappy oos van die Vaalrivier maak, en dat hy ook na die noorde toe sy gesag probeer uitbrei. Omstreeks 1838 het hy in bondgenootskap met die Adam Kok van Philippolis van hierdie tyd, wat toe net kaptein geword het, teen Cornelis Kok van Campbell 'n oorlog gevoer, wat op 'n neerlaag vir die laasgenoemde uitgeloop het. In hierdie tyd het die oorwinnaars die sogenaamde Griekwagebied onder hulle verdeel, maar die bewyskrag van die verdrag wat hulle destyds onderling gesluit het, is nie baie groot nie. In die eerste plek word die skeiding tussen hulle deur 'n punt, nl. Ramah, aangedui en nie deur 'n lyn nie, en verder moet beklemtoon word, dat Andries Waterboer se heerskappy oor Campbell nooit in werklikheid bestaan het nie. Die feit is dat die kaptein van Griekwastad nooit buitekant sy eie onbetwiste gebied gesag gehad het nie. Oos van die Vaalrivier

het sy mense nie gewoon nie, en sy vae aansprake hier is dus nie deur effektiewe besitname bekragtig nie, en Cornelis Kok het ook na 1838 as 'n onafhanklike hoof in Campbell bly regeer.

Toe die Boere tydens die Groot Trek hulle in die suidelike Transoranje begin vestig, het die kwessie van skeidingslyne om begryplike redes baie dringend geword. Adam en Cornelis Kok wou nl. graag grond aan die Boere verkoop, en hulle wou dus op so veel gebied as moontlik beslag lê. In hierdie tyd hoor ons dan van 'n duidelike wesgrens van Adam Kok se gebied; dit het gestrek van Ramah oor Davidsgraf, by die sameloop van die Riet- en die Modderriviere, na Platberg op die Vaalrivier, noordwes van die teenswoordige Boshof; en ons vind dat die Boere oos van hierdie lyn van Adam Kok se Griekwas en wes daarvan tot suid van die Modderrivier van Cornelis Kok plase koop. Andries Waterboer hou hom voorlopig stil, maar die inkom van die Boere het hom seker nie aangestaan nie, want hy was sterk onder sendelinginvloed. Hy was 'n kwekeling van 'n sendingskool, en Griekwastad was 'n belangrike sendelingsentrum. Vóór 1848 het hy egter nie meer gedaan as om op 'n rondskrywe, wat die magistraat van Colesberg in 1845 ook aan hom gerig het, tē antwoord dat sy gebied in 'n oostelike rigting tot by Ramah loop. Van sy sogenaamde heerskappy oor Campbell sê hy geen woord nie! In die verdrag, wat Maitland in 1845/46 met Adam Kok gesluit het, word die oostelike grens van Philippolis dan verder duidelik beskryf. Sy aanspraak op grond noord van die Modderrivier is nie erken nie, en die lyn Ramah-Davidsgraf vorm sy wesgrens.

By die anneksasie van die latere Vrystaat in 1848 het sir Harry Smith, wat hom nie aan kleurling-slimpraatjies gesteur het nie en nogal deurtastend was, die sogenaamde aansprake van Andries Waterboer en Cornelis Kok op gebied oos van die Vaalrivier as ongeldig verklaar. Hy proklameer eenvoudig dat die land tussen die Oranje- en Vaalriviere en die Drakensberge onder Britse soewereiniteit gebring is, en terwyl hy die name van Mosjes, Adam Kok en ander hoofde, wat binne hierdie grense erkende gesag voer, noem, word van Andries Waterboer en Cornelis Kok hoegenaamd geen melding gemaak nie. Toe hulle hierteen protesteer, het Warden, die Britse resident in Bloemfontein, die saak ondersoek, en sy bevinding was: dat Cornelis Kok se aanspraak op gebied suid van die Vaalrivier alleen gemaak is om hom in staat te stel om grond daar aan Boere te verkoop; dat hy en Andries Waterboer albei hoofde is, „residing with their people beyond the Vaal River;” en dat hulle daar meer grond besit as wat hulle kan gebruik. Sir

Harry Smith het hierop voortgegaan met sy nie-erkenning van Andries Waterboer en Cornelis Kok se aansprake, en laasgenoemde sou nie meer toegelaat word om plase aan Boere in die Soewereiniteitsgebied te verkoop nie. Die Soewereiniteitsregering het konsekwent hierdie standpunt gehandhaaf en self plase in die betwiste gebied uitgegee en laat registreer. Sir George Cathcart het dieselfde politiek gevolg en die posiesie nog duideliker gemaak. In Desember 1852 sterf Andries Waterboer, en toe sy seun en opvolger, Nikolaas Waterboer, met die versoek kom dat die verdrag, wat in 1834 tussen sy vader en die Kaapse goewerneur gesluit was, met hom vernuut moet word, weier Cathcart om dit te doen. Na 1852 was daar dus geen geldige offisiële dokument meer, wat kon aangehaal word as 'n erkenning van Britse kant, dat die kaptein van Griekwastad se gesag tot by Ramah strek nie.

Toe die onafhanklikheid van die Vrystaat in 1854 erken is, het die Britse regering dit as 'n uitgemaakte saak beskou, dat die Vaalrivier die noord- en wesgrens van die republiek vorm. Hierdie duidelike posiesie het die Vrystaatse regering toe enig-sins gaan vertroebel. Hulle het weer op die ou aanspraak van Griekwastad en Campbell op Oos-Vaalse grondregte ingegaan, en ofskoon die politieke gesag van die Vrystaat op die hele gebied tot aan die mond van die Vaalrivier nie prysgegee is nie, is van Vrystaatse kant erken dat die Wes-Vaalse Griekwas sekere grondregte binne die Vrystaat besit, en is 'n lyn getrek om in hierdie opsig die skeiding tussen Nikolaas Waterboer en Cornelis Kok se terreine aan te dui. Die was die Vetberglyn van 1855, wat van 'n punt op die Ramah-Davidsgraf-lyn, omtrent halfpad tussen die twee plekke, in 'n noordwestelike rigting na die Modderrivier geloop het. Hierdie toegeeflikheid van die Vrystaatse regering was waarskynlik 'n fout, want Nikolaas Waterboer is nie daardeur tevrede gestel nie, en dit het hom 'n nuwe afspringplek gegee om die ou wye aansprake van sy vader op heersersregte oos van die Vaalrivier te herhaal. Kort hierna gebeur dan nog iets wat hom die geleentheid verskaf om sy vader te oortref en ook die Campbell-gronde in sy aanspraak in te sluit.

In 1858 sterf Cornelis Kok, en sy neef, Adam Kok van Philippolis, word volgens sy wens en die van die Campbell-raad (want elke Griekwakaptein het met 'n raad geregeer) kaptein van Campbell. Hierteen het Nikolaas Waterboer geen beswaar gemaak nie, maar 'n paar jaar later was hy nie meer so beskeie nie. In 1861, toe Adam Kok besig was met reëlins om met sy mense na Griekwaland-Oos te trek, gee hy volmag aan 'n Vry-

staatse agent, Henry Harvey, om aan die Vrystaatse regering te verkoop „all the open ground which shall be found to belong to the (Philippolis) Griqua government as well as the right and title to the Griqua land formerly possessed by Adam Kok and his people, likewise that of the late Cornelius Kok.” Die koop het deurgegaan vir ’n som van £4,000; en in 1862 was die posiesie dus as volg: Kragtens die proklamasie van sir Harry Smith van 1848 was die Vrystaat in besit van al die grond wes van die grens van Philippolis tot aan die Vaalrivier, en kragtens die pas-genoemde kooptransaksie het ook Campbell-gronde, wes van die Vaalrivier, die eiendom van die Vrystaat geword.

Nou begin egter die teenbedrywigheid. Adam Kok, op sy pad deur die Kaapkolonie, ontken dat hy ook die Campbell-streek verkoop het, en Nikolaas Waterboer beroep hom op sogenaamde ou regte en sê, nie alleen Campbell nie, maar ook al die grond oos van sy eintlik land tot aan die ou Ramah-Dawidsgraf-Platberg lyn val onder Griekwastad. Hy is hierin aangespoor en gehelp deur ’n blank raadgever, David Arnot, wat ook die sendelingpad bereis het en nie ongeneë was om in grond te spekulêr nie. Die Vrystaatse regering en volksraad het geweier om verder aan Waterboer se eise toe te gee as wat in 1855 gedaan is, en dit kan as ’n sekerheid beskou word, dat van Griekwa-aansprake op Oos-Vaalse gebied na die vertrek van Adam Kok uit Philippolis niks sou geword het nie, as daar nie toevallig diamante ontdek is nie.

Omstreeks 1870 het Waterboer en Arnot baie bedrywig geword, en die Kaapse regering was spoedig verwittig dat die boere op Griekwa-gebied inbreuk maak en dat Waterboer onder die Britse vlag beskerming soek. In September 1870 waarsku Hay, die waarnemende goewerneur, vir president Brand dat die Vrystaat se aanspraak op die Campbell-streek en die diamantgronde tussen die Vaal en die Oranje aan groot twyfel onderhewig is, en deel hy hom mee dat van Britse kant spesiale stappe sal gedaan word om wet en orde onder die delwers te handhaaf. Kort daarna skryf Hay aan lord Kimberley, Gladstone se minister van kolonies: „The Governments of the two neighbouring republican states have since the discovery of diamonds assumed an attitude towards the Griqua people and other aboriginal inhabitants which plainly indicates an intention of seizing upon and appropriating between them, without sufficient and justifiable cause, nearly the whole of the Griqua and adjacent other native territory and of ejecting therefrom the native populations, by whom it is now, and for a long series of years has been, occupied.”

Teen die end van 1870 het president Brand na Kaapstad gegaan. Hy staan toe net op die punt om die regering aan die nuwe goewerneur, sir Henry Barkly, te oorhandig. Hy wou toe nie met Brand onderhandel nie, en Barkly na sy aankoms was ook nie daartoe bereid nie. Die Vrystaatse president moes dus onverrigtersake terugkeer.

Barkly het hom eers met die aanspraak van die Transvaal op die gebied tussen die Vaal- en Hartriviere besiggehou. Hy het persoonlik daarheen gereis, en in Februarie 1871 het hy vir president Pretorius by Klipdrif, vandag Barkly-Wes, ontmoet. Daar is toe ooreengekom dat die kwessie aan 'n arbitrasiehof onderwerp sou word, en in April het hierdie hof, met Keate, die Natalse goewerneur, as voorsitter en beslisser in Bloemhof gesit. Pretorius het sy saak baie swak verdedig, terwyl Dawid Arnot en ander kleurlingvriende met 'n massa skriftelike verklarings, verdrae en ander dokumente die reg van die Transvaal en die Vrystaat betwis het. In Maart was Barkly in Bloemfontein, en hy wou hê dat Brand die voorbeeld van Pretorius sou volg en die Vrystaatse aanspraak aan Keate se arbitrasie onderwerp. Hiertoë was Brand en sy regering nie bereid nie. Die reg van die Vrystaat op die eintlike diamantdriehoek, suid en oos van die Vaalrivier, was vir hulle so onaanvegbaar, dat hulle geen arbitrasie, van watter aard ook, daarvoor kon toelaat nie. Dan kon hulle aanspraak op Bloemfontein of Harrismith ook in twyfel getrek word. Die Campbellgronde, wat nie by die diamantkwessie direk van enige betekenis was nie, en wat die Vrystaat eers kort tevore aangekoop het, wou hulle wel aan die beslissing van 'n skeidsregter onderwerp, maar dan moes hy 'n onpartydige buitestaander wees, soos die president van die Verenigde State van Noord-Amerika of die koning van Holland. Barkly het hierdie voorstel beslis van die hand gewys, en toe hy na sy vertrek verneem dat die Vrystaters met kommando's hulle besit wou verdedig, het hy aan Brand geskryf, dit is sy vaste besluit „to repel force by force,” en het hy troepe na Hopetown gestuur.

In Oktober 1871 doen Keate uitspraak en gee Nikolaas Waterboer die hele streek wes van die lyn Ramah-Davidsgraf-Platberg, asook die diamantarea tussen die Vaal- en die Hartriviere. Dit was die soort van arbitrasie waarvoor die Vrystaat tereg bang was. Sonder 'n enkele goeie kaart in sy hand het Arnot die hele pot gewen. Hy en sy vriende het lekker in hulle vuus gelag, en as die saak nie so 'n ernstige kant had nie, kon die Keate-uitspraak as 'n kolossale grap opgevat word; maar die Vrystaat kon nie verwag word om die humor daarvan te sien nie.

## DIE NUWE ANNEKSASIETYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

Vir die Transvaal was die saak toe uitgemaak, maar Pretorius moes bedank. Sy mense was bitter in hom teleurgestel, en hulle wou nie weer „'n dom boer,” wat deur geleerde mense uitoorlé kon word, as president hê nie. Hulle keuse het derhalwe geval op ds. Burgers, predikant van Hanover in die Kaapkolonie, een van die moderne teoloë, wat in Holland „liberaal” geword het. Hulle het sy gebrek aan ortodoksie verlies geneem, omdat hy „'n slim en geleerde man” was. Die Vrystaters daarenteen was baie tevrede met die verstandige manier waarop hulle president hulle regte gehandhaaf het; maar ook sy pogings het op 'n mislukking uitgeloop.

Deur argumente van die soort, wat Hay aangevoer het, is Kimberley in die tussentyd oortuig dat dit die plig van die Britse regering was om aan die noodgeskrei van die arme verongelykte Nikolaas Waterboer gehoor te gee. Op 17 November 1870 skryf hy: „Her Majesty's government would see with great dissatisfaction any encroachment on the Griqua territory by these republics (die Vrystaat en die Transvaal), which would open to the Boers an extended field for their slavedealing operations and probably lead to much oppression of the natives and disturbance of the peace;” en op 18 Mei 1871 laat hy aan Barkly weet, dat die Britse regering sal „not without great reluctance” die voorgestelde uitbreiding van Britse gebied toelaat, aangesien daar so baie Britse onderdane op die delwerye is en hulle en Waterboer dit versoek, maar dan moet die Kaapse parlement die verantwoordelikheid om die gebied te administreer oorneem, en geen Britse troepe mag in verband met die anneksasie gebruik word nie. Kimberley se hele optree was dus tiepies van sy party: Beskerm, as dit dan moet wees, die inboorling, maar nie ten koste van die Britse belastingbetaler nie; laat die Kolonie die ryk diamantvelde annekseer om vir Britse onderdane die voordele daarvan te verseker, maar moenie die imperiale regering geld of troepe kom vra nie. Disraeli sou op 'n ander manier geannekseer het. Sonder versigtige karigheid en met sensasiewekkende woorde oor die nuwe Eldorado, wat binne die grense van die Britse ryk gebring word, sou hy met of sonder die instemming van die Kaapse parlement die Britse vlag oor die diamantvelde laat optrek het.

Barkly was enigsins in 'n moeilike posisie gebring deur die voorwaarde van Kimberley, dat die Kaapse parlement die verantwoordelikheid van die nuwe noordelike uitbreiding moes oorneem. Gelukkig vir hom was daar egter in 1871 nog geen verantwoordelike bestuur aan die Kaap nie, en sy koloniale sekretaris, Southey, het die saak so geplooi, dat die parlement

'n mosie ten gunste van anneksasie aangeneem het, onder die voorwaarde egter dat die kwessie van die betwiste gebied eers behoorlik ondersoek en uitgemaak moet word. Met hierdie besluit en die Keate-uitspraak gewapen, het Barkly dit veilig geag om op 27 Oktober 1871 die sogenaamde gebied van Waterboer by proklamasie onder die Britse vlag te bring. Oor die hoof van Griekwastad het hy hom toe nie meer bekommer nie; en hangende die aanhegting van die geannekseerde gebied aan die Kolonie, is beamptes benoem om onder direkte instruksie van die hoë kommissaris vir die administrasie te sorg. Hierdie aanhegting kon nie dadelik deurgevoer word nie, omdat die Kaapse parlement ook met die Keate-uitspraak gespot het, en nie op grond daarvan die anneksasie wou goedkeur nie. Eers in 1877, toe Carnarvon, die konserwatiewe opvolger van Kimberley, erken het dat die Vrystaat onbillik behandel was en 'n som van £90,000 as skadevergoeding aan die republiek uitbetaal het, en die dispuut deur die Vrystaatse aanname van hierdie geld offisiël beëindig was, het die Kaapse parlement hom bereid verklaar om die kroon-kolonie, Griekwaland-Wes, by die Kolonie in te lyf. In die tussentyd egter het die diamant-provinsie 'n soort van lokale bestuur gekry, en die plaaslike wetgewende raad was nogal parmantig en wou eers nie hê dat die inlywing geskied nie, maar in 1880 was hulle eindelijk gewillig, en is dit deurgevoer. In 1881 neem lede uit die geannekseerde gebied sitting in die Kaapse parlement. Onder hulle was Cecil John Rhodes, lid vir Barkly-Wes.

## § 2. Die Konfederasieplanne van lord Carnarvon.

Dit was die Gladstone-ministerie van 1868 — 1874 wat „with great reluctance” die anneksasie van die diamantvelde toegelaat het. Van imperialistiese drywery kan Kimberley en sy kollegas nie beskuldig word nie. Dit was manne soos Hay, Barkly, Southey en Arnot, van wie die stootkrag in hierdie saak uitgegaan het, en hulle het die kuns verstaan om deur filantropiese argumente die Britse liberale ten gunste van anneksasie te stem. Gedurende die Disraeli-ministerie van 1874 — 1880 het dit aan imperialistiese inisiatief in Britse regeringskringe nie ontbreek nie. Veral Carnarvon, die nuwe minister van kolonies, het 'n groot voorraad daarvan besit. Onder hom is in 1867 die federasie van die Kanadese kolonies tot stand gebring, en sy groot doel met Suid-Afrika was om ook hier al die kolonies plus die twee republieke in één konstitusionele verband onder die Britse vlag aaneen te sluit. Drin-

## DIE NUWE ANNEKSASIE TYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

gende redes hiertoe kon moeilik aangevoer word. Die algemene toestand in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die jare '70 was nogal taamlik bevredigend. Gevaarlike naturelle onluste het nie plaasgevind nie, en die ontdekking van diamante het nie alleen die Kaapkolonie nie, maar ook die Vrystaat op ekonomiese gebied geweldig vooruitgehelp. Daar was eindelijk 'n groot binnelandse mark vir die boer geskep, iets wat nog nooit tevore bestaan het nie. Die depressie van die jare '60 het verdwyn, en die Kaapse regering het kans gesien om 'n groot program van spoorweg- en telegraafuitbreiding aan te pak. Ook vir ander bouwerke en vir die onderwys was geld beskikbaar. Hoe gunstig die ekonomiese posisie geword het, kan enigsins uit die volgende syfers vir die Kaapkolonie afgelei word: In 1865 het die Kolonie 'n blanke bevolking van 181,000 gehad, en in 1875 was dit 237,000. In 1868 is tot 'n waarde van £2,216,000 uitgevoer (£1,806,000 aan wol), en in 1872 £4,700,000 (£3,275,000 aan wol). In 1865 was die staatsinkomste £519,000; in 1870, £661,000; in 1872, £1,040,000, en in 1880 £3,010,000.

'n Mens sou gemeen het dat die Britse regering in die jare '70 begerig sou gewees het om Suid-Afrika wat so mooi aan die opkom was, met rus te laat, te meer ook omdat verantwoordelike bestuur pas aan die Kaapkolonie gegee was, en die nuwe stelsel 'n kans moes kry om sonder inmenging van buite af sy invoering te regverdig. Maar Carnarvon het anders gedink; en hy was haastig. Reeds in Mei 1874 skryf hy aan sir Henry Barkly dat hy graag 'n konferensie in die Kaapkolonie wil byeenroep, om te beraadslaag oor (1) 'n uniforme Suidafrikaanse naturellepolitiek en (2) oor die samesluiting van die Suidafrikaanse kolonies en state in 'n konfederasie. Die feit dat so 'n voorstel uit Engeland gekom het, kon reeds aanleiding tot die verwerping daarvan gegee het, maar Carnarvon het die saak nog verder van die staanspoor af verbrou, deur onverstandige inmenging in die kwessie van die personeel van die konferensie. Sonder raadpleging met verantwoordelike volksleiers, soos b.v. die Kaapse ministers, benoem hy die volgende: Theophilus Shepstone, die hoofbeampte oor naturelle sake in Natal, as verteenwoordiger van daardie kolonie; Richard Southey vir Griekwaland-Wes; J. C. Molteno, die Kaapse eerste minister, nie vir die Kaapkolonie nie, maar vir die westelike provinsie alleen; en John Paterson vir die oostelike provinsie. Carnarvon stel hom dus aan die kant van die oostelike separatiste, wat van die westelike provinsie wou afskei, en ondermyn die gesag van die Kaapse verantwoordelike regering, wat tog

P

veronderstel was om oor die hele Kolonie te strek. Net in die geval van die twee republieke was hy beleef genoeg om die benoeming van hulle verteenwoordigers aan hulself oor te laat. Sir Henry Barkly sou voorsitter wees.

Die Kaapse parlement wou met Carnarvon se voorgestelde konferensie niks te doen hê nie. In die wetgewende raad is nog 'n mosie van dank aan hom aangeneem, maar die wetgewende vergadering het deur 'n formele besluit sy handelwyse as onkonstitusioneel bestempel. In die twee republieke het die gevoel oor die anneksasie van die diamantvelde so hoog geloop, dat daar van hulle medewerking geen sprake kon wees nie. Die Transvaal wou hom op geen manier met die voorstel van Carnarvon inlaat nie; en ook president Brand, wat destyds juis besig was om met die Britse regering oor die verkragting van die Vrystaatse regte te onderhandel, het van sy volksraad opdrag gehad om hom by die westelike grenskwessie te bepaal en aan geen bespreking betreffende konfederasie deel te neem nie. In Natal het Carnarvon se voorstelle nogal ondersteuning gekry, deels omdat sy imperialisme hier in ooreenstemming met bestaande natuurlike neigings was, deels omdat president Burgers se plan om Pretoria deur 'n spoorweg met Lourenco Marques in verbinding te bring, die Natalse handelaars die skrik op die lyf geja het. Hulle wou die Transvaal onder die Britse vlag bring, om Burgers se spoorwegpolitiek te laat verongeluk. Carnarvon, in die Kaapkolonie teleurgestel, stel nou voor om die konferensie in Natal te hou, en gelyktydig stuur hy vir Froude, die bekende letterkundige en historikus, na Suid-Afrika om hier propaganda vir sy konfederasieplan te maak. Froude het gekom en toesprake gehou, maar sy missie het die Suidafrikaanse verset teen die inmenging van Carnarvon eerder versterk as verminder. Die minister het egter daarmee voortgegaan, en onder sy voorsitterskap is 'n soort van konferensie, waarop Natal deur Shepstone en Griekwaland-Wes deur Froude verteenwoordig was, in Londen gehou. Molteno en Brand was destyds ook in Engeland, maar hulle besprekings met die Britse regering het oor Griekwaland-Wes geloop, en afgesien van die samewerking van enkele imperialiste, b.v. uit Natal, kon Carnarvon geen Suidafrikaanse steun vir sy konfederasie-skema verkry nie. Dit het hom egter nie verhinder om 'n wet deur die Britse parlement te laat aanneem nie, „to enable the Colonies and States of South Africa to enter into confederation.” Dit was natuurlik 'n doodgebore maatreël. In Kanada was aaneensluiting moontlik gewees, omdat die drang daartoe uit die Noordamerikaanse kolonies self gekom het, en

Carnarvon se poging om konfederasie op Suid-Afrika af te dwing, het onvermydelik op 'n mislukking uitgeloop.

### § 3. Die Politiek van die Sterk Hand.

(a) *Die Kaapkolonie gedurende die Neënde Kafferoorlog.*  
 Toe Carnarvon sien dat Froude ook nie veel in Suid-Afrika uitrig nie, het hy in Oktober 1876 aan hom geskrywe: „'n Sterk hand is nodig. Ek is van plan om my konfederasiepolitiek met al die middels, waaroor ek kan beskik, in Suid-Afrika deur te voer.” Wat hierdie politiek van die sterk hand sou beteken, het in 1877 gou duidelik geword.

In die eerste plek vind ons dat sir Henry Barkly in 1877 deur sir Bartle Frere opgevolg is. Hy moes Carnarvon se imperialistiese planne kom bevorder, en die Britse minister het, van sy standpunt beskou, geen slegte keuse gedaan nie. Frere was takvol en voorkomend in sy houding, maar sy idee van sy posiesie as goewerneur van 'n selfregerende kolonie was nie dié van b.v. lord Elgin nie. Hy was in Indië tydens die opstand, en hy wou in Suid-Afrika op militêre gebied altans sy oppergesag oor sy ministers handhaaf. Hierdie opvatting het in 1877 van groot praktiese betekenis geword, omdat die rus onder die naturelle nie meer bestaan het nie. Die tweede helfte van die jare '70 was 'n tydperk van groot naturelle-onluste, en hierdie feit het veel daartoe bygedra om die Britse regering aanleiding tot ingryp in Suidafrikaanse aangeleenthede te gee.

Ons sal ons herinner dat die Keirivier in 1877 nog die oosgrens van die Kaapkolonie was. Van hier tot aan die grens van Natal, die Oemtamwoena- en Oemsimkoeloeriviere, het verskillende onafhanklike stamme onder Britse oppergesag gewoon. Daar was o.a. die oostelike Kosas of Galekas onder Krelie tussen die Kei- en die Basjeeriviere langs die kus, die Temboes verder oos en noord tot aan die Oemtatarivier, en die Pondo's in hulle ou woonplek aan die kus anderkant die Oemtatarivier. Onder die suidelike hange van die Drakensberge was dan nog die verhuisde Griekwas gevestig in die groot oop gebied, wat sir George Grey graag met blank koloniste sou gevul het, en wat nou hoe langer hoe meer deur naturelle en ander kleurlinge in beslag geneem is.

Teen die end van 1876 was daar toenemende onrus onder die Kosas binne en buite die Kaapkolonie. Daar was seker alweer 'n hele aantal jong Kaffers, wat in die oorlog geskool moes word en as inleiding daartoe die ou plan vervolg het, om deur veeroof onder die boere hulle manlikheid te beoefen en

beeste vir lobola-doeleindes bymekaar te kry. Hierby kom nog dat in die jare van vrede wat die witman op hulle afgedwing het, die getalle van die Kosas sterk toeneem het; Kreli alleen het twaalfduisend weerbare manne tot sy beskikking gehad; en die primitiewe, onvoordelige manier, waarop die Kaffer sy grond en weiveld gebruik, het die Galekas laat voel dat die wêreld vir hulle te beknop word. Hulle het dus begerige oë op die aangrensende Fingogebied, ook oos van die Keirivier, gewerp, en dit was juis 'n vegtery tussen Fingo's en Kosas by 'n dans- en hierparty in Augustus 1877, wat die oorlogsvuur laat ontvlam het. Dit het 'n groot brand geword, hierdie neënde Kafferoorlog, en die Britse regering het 'n aansienlike troepemag na Suid-Afrika gestuur om dit te help blus. Die Kosas van Brits-Kafraria onder Sandiele het met hulle Transkeise stamgenote onder Krelie gemene saak teen die witman gemaak. Teen die end van 1878 was die vyandelikhede egter vrywel oor, en die endresultaat vir die Kaffers was, dat hulle direk onder die regering van die Kaapkolonie gebring is. Stuksgewyse is die een deel van die Transkeigebied na die ander by die Kolonie ingelyf, onmiddellik na die oorlog die land van die Galekas en van die Fingo's asook Griekwaland-Oos, daarna tussen 1884 en 1886 Temboeland en eindelik in 1894 ook Pondoland.

Die Molteno-ministerie het in verband met die oostelike grensoorlog met sir Bartle Frere in botsing gekom. Die goewerneur het die standpunt ingeneem, dat hy as militêre opperbevelvoerder die verantwoordelikheid en reg had om ten opsigte van die krygsoperasies beslissend op te tree, en as hoë kommissaris was hy ongetwyfeld die enigste persoon in Suid-Afrika, wat 'n mate van eenheid van beheer in die wydverspreide naturelle-troebele van hierdie tyd kon invoer. Die Kaapse eerste minister, sterk gesteun deur sy kollegas, daaronder J. X. Merriman, het daarenteen die Kosa-oorlog as 'n saak beskou, wat heeltemal binne die bevoegdheid van die kabinet en parlement val, en hulle het ook die politiek van Frere, om by voorkeur Britse troepe pleks van burgers te gebruik en die imperiale bevelvoerder op die grens, generaal Cunynghame, wat nie onder die instruksies van die ministerie gestaan het nie, ook oor die burger-kommandante te stel, prinsipiël bestry. Vir Molteno was dit ongelukkig dat so 'n belangrike beginselkwestie in 'n tyd van oorlog en woeling opgekom het, en sy konflik met die goewerneur het in 1878 tot die val van sy ministerie gelei. Frere het eenvoudig vir Molteno en Merriman ontslaan, en hulle kollegas het toe natuurlik ook bedank.

## DIE NUWE ANNEKSASJETYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

Die leier van die opposisie, John Gordon (later sir Gordon) Sprigg is daarop deur die goewerneur gevra om 'n kabinet te vorm, en ofskoon Molteno se party nog altyd 'n parlementêre meerderheid had, het die ministers van Frere se keuse aan die bewind gebly. Die Britse minister van Kolonies, sir Michael Hicks Beach, (hy het in 1878 vir Carnarvon opgevolg) het die standpunt van die Kaapse goewerneur, nl. dat hy in tyd van oorlog feitlik sonder raadpleging met sy verantwoordelike ministers die militêre beheer kon uitoefen, ondersteun. Baie belangrik is die volgende paragraaf uit 'n desesje van Hicks Beach: „It should be borne in mind that, in consequence of the peculiar conditions of the colony and the adjacent territories, responsible government, as established at the Cape, *has necessarily been made subject to a limitation not elsewhere required.*”

Tot hierdie inkorting van die bevoegdhede van verantwoordelike ministers het die politiek van die sterk hand in die Kaapkolonie gevoer. In die noorde het dit nog veel meer uitgerig. Dit het daar nie die reg van selfregering slegs ingekort nie, maar 'n republiek, wat heeltemal onafhanklik was, tot 'n Britse kroonkolonie gemaak.

(b) *Die Eerste Anneksasie van die Transvaal.* Die nuwe „geleerde” Transvaalse president was nie 'n sukses nie. Sy pogings om 'n gemeenskap van streng Calvinistiese veeboere en jagters te moderniseer, het 'n groot deel van die bevolking teen hom in verset gebring. Selfs vir sy spoorwegplan, waarvoor hy kapitaal en materiaal in Holland gaan haal het, was die tyd waarskynlik nog nie ryp nie. Dis 'n ope kwessie of die noordelike binneland in die jaar '70 die koste van 'n spoor na Delagoabaai kon opgebring het. Die Suid-Afrikaanse Republiek was destyds nie arm nie, en die bewering dat die regering bankrot was, is 'n skewe voorstelling, maar dat die staat oor min geld beskik het, kan nie ontken word nie. Daar was eenvoudig baie min geld in omloop, omdat die samelewing en die staat van so 'n aard was, dat daar weinig behoeftes aan bestaan het. Elke famielie het vir die grootste gedeelte in sy eie lewensonderhoud voorsien. Nes die binnelandse koloniste in die tyd van Lichtenstein, het hulle hul eie brood gewen, 'n groot voorraad vleis gehad, hulle eie huise gebou, plaasgereedskap en meubels vervaardig en klere van eie maaksel gedra; en dié ingevoerde artikels, soos yster, lood, kruit, gewere, koffie, suiker, breekgoed en weefstowwe, waarsonder hulle nie kon of wou klaarkom nie, kon hulle grotendeels in ruilverkeer, d.w.s. sonder geld, verkry. Dis dus onbillik om die welvaart van so 'n gemeenskap

met 'n geldmaatstaf en met syfers van regeringsinkomstes te probeer meet, maar dit was ook onverstandig van president Burgers om sogenaamde verbeterings in die Transvaal te wil invoer, waarvoor dit nog nie ryp was nie.

Veral twee oorsake het Burgers se presidentskap laat misluk: sy kerklike liberalisme en die feit dat hy geen gebore krygsman was nie. Dit was sy onortodoksie wat hom beroof het van die steun van die man, wat hom kon gehelp het om sy swakheid op militêre gebied goed te maak en hom werklik in voeling met sy burgers kon gebring het; maar Paul Kruger wou nie onder 'n „ongelowige” leier in die oorlog gaan nie! Paul Kruger! Eindelik het ons weer by hom uitgekom; en ons sal eers 'n bietjie by hom stilstaan.

Ons herinner ons, hoe hy as 'n seun van tien jaar (hy is op 10 Oktober 1825 gebore) met sy ouers onder Potgieter se leiding die Kolonie verlaat en in die gevegte teen die Matabeles in die latere Vrystaat sy vuurdoop gekry het. As veertienjarige seun neem hy deel aan die strafekspedisie teen Selikaats in 1839 en vestig hom met sy vader in die Transvaal. Twee jaar later bereik hy die leeftyd, sestien jaar, wat hom die reg gee om twee plase uit te soek en 'n selfstandige burger van die republiek te word. In die tussentyd het hy reeds as vegsman en jagter begin uitblink. Sy waaghalsrige dapperheid het hom dikwels in die grootste gevare gevoer, maar hy was so buitengewoon gesond, sterk en rats en geestelik so vinnig en tog rustig en sy uithou-vermoë was so merkwaardig, dat hy dinge kon onderneem, waartoe minder begunstigde sterflinge nie in staat was nie. Uit sy hele wese het krag gestraal, en sy donker oë het van lewenslus gefonkel. Sy jagawenture, waarvan ongelukkig te min neergeskryf is, sou, as hulle behoorlik te boek gestel was, die inhoud van 'n klassieke jagtersroman kon gevorm het. Op veertienjarige leeftyd skiet hy sy eerste leeu. Dit was toe hy deur 'n geselskap leeujaegers saamgeneem is, maar onder voorwaarde dat hy uit die geveg sou bly en die perde sou oppas; en soos die geval dit wou hê, het die koninklike roofdier juis vir hom stormgeeloop.

Gevaarliker was sy ondervinding met die wit renoster. Sy geweer het geweier, en die monster was op hom. Hy lê eindelijk onder die renoster, wat hom met sy neushoring probeer deurboor, en skiet die dier deur die hart. Vir hierdie kordaatstuk het die jongeling 'n pak slae van sy swaer gekry. Paul wou mos altyd onnodig in die gevaar loop! Van die buffel wat met hom in die gat water geval en wat hy onskadelik gemaak het, deur hom by die horings te pak en sy kop in die modder te

druk, praat ons hier nie verder nie; ook nie van die operasie wat Paul op homself gemaak het, toe hy sy duim, wat deur die bars van sy geweer verbrysel was, met sy knipmes afgesny het; maar om aan te toon hoe vinnig hy was, kan nog een van sy ondervindings op die olifantjag aangehaal word. Die dier het skielik uit 'n bos op hom afgekom. Hy was te voet, en daar was geen kans om te skiet nie. Dit het 'n wedren op lewe en dood geword, en Paul Kruger het onder die olifant uitgehardloop! In die oorlog het die toekomstige president ook die grootste onverskrokkenheid ten toon gestel. Besonder bekend is b.v. die geval, toe hy in die kampanjie teen die wrede Makapaan in 1853 die lyk van generaal Piet Potgieter, wat in 'n geveg gesneuwel het, onder die vuur van die Kaffers gaan haal het. Hier vind ons hom in 'n ernstiger rol, en hy was ook van vroeg af veel meer as 'n lewenslustige, waaghalsrige awenturier. Dit was juis sy vasberadenheid en die merkwaardige deursig en verhewe erns, wat hy by die behandeling van staatsaangeleenthede aan die dag gelê het, wat hom meer en meer die vertrouwe van sy volk gegee het. Op betreklik jeugdige leeftyd is hy tot kommandant en volksraadslid gekies, en in al die politieke ontwikkelings van die Transvaal onder die Pretorius-presidentskappe het hy 'n leidende rol gespeel. Hy was 'n gebore leier; die uitstaande staatkundige talent in die republiek, toe Burgers president geword het; 'n vierkantige man, maar dus ook 'n man met hoeke en kante; die grootste verpersoonliking van die kragte en deugde — en van die konserwatisme van die Calvinistiese veeboerpionier.

Paul Kruger het die kandidatuur van Burgers bestry, en die nuwe president het, soos reeds gesê is, sy vertrouwe nie verwerf nie. Hy was destyds kommandant-generaal, en hy het hom wel bereid verklaar om na sy vermoë met Burgers saam te werk, maar dit het gou geblyk dat samewerking nie moontlik was nie. Vir Kruger was sy godsdienst, die godsdienst van die streng-ortodokse „Dopper,” 'n baie belangrike saak, en met Burgers se liberalisme kon hy hom nie versoen nie. Hy lê dus sy betrekking as kommandant-generaal neer, en die president moes sonder sy steun die taak aanvaar om die lastigste en sterkste Kafierkaptein binne die grense van die republiek vir sy misdade te kasty. Dit was Sekoekoenie, die Bapedie-opperhoof.

Die president het self met die strafkommando uitgetrek, maar die burgers het sy leiding nie vertrou nie en het swak opgekom. Sake het verkeerd geloop, en in Augustus 1876 ly die boere 'n neerlaag onder Sekoekoen se berg. Dit was wel slegs 'n tydelike agteruitsetting, want na die president se terugkeer

na Pretoria het die agtergelate militêre mag die Kaffers goed onderhande geneem, en teen die begin van 1877 het Sekoekoenie om vrede gesmeek. Hy het ook aan Shepstone geskrywe: „Baas, kom help my! Die Boere maak my dood!” en die oorlog teen Sekoekoenie en sy aanvanklike sukses het die Britse imperialisme ’n kans gegee om teenoor die Transvaal aktief te word.

In Julie 1876 skryf sir Henry Barkly aan Carnarvon: Die Transvaalse regering het ’n oorlog teen Sekoekoenie begin, wat dreig om verontrustend te word, en die oomblik nader, wanneer die Britse regering gedwing sal word om tussenbei te tree. In die tussentyd gaan Shepstone na Engeland, en Carnarvon vind in hom ’n geesdriftige ondersteuner van sy nuwe konfederasiepolitiek, nl. om met ’n sterk hand die vereniging van die republieke met die Britse kolonies deur te voer en om met die Transvaal te begin. In September 1876 skryf Carnarvon aan Barkly: die voortsetting van die Bapedie-oorlog kan nie toegelaat word nie, „in view of the peril which it causes to the lives and prosperity of British subjects,” en die beste uitweg sal wees om die Transvaal te annekseer; hy stuur dus vir Shepstone as ’n spesiale kommissaris na die republiek om, onder die voorbehoud dat die Transvalers ten gunste daarvan is, dié anneksasie te bewerkstellig.

Carnarvon is werklik onder die indruk gebring dat ’n groot meerderheid van die burgers van die republiek die kans sou verwelkom om weer onder die Britse vlag gebring te word; maar sy inligter en gesant, wat beter geweet het, was nie van plan om met hulle ware begeerte rekening te hou nie. Shepstone was op sy manier ’n groot man. Vrees het hy nie geken nie, en hy was ’n imponerende persoonlikheid. Onder die Natalse Kaffers het hy ’n geweldige invloed gehad. Somtseu (so het hulle hom genoem) was feitlik hulle groot opperhoof. Die volgende berymde geskiedenis, die werk van een van sy bewonderaars en tydgenote, gee ons ’n indruk van hom:

Hy gaan na die Soeloehoofstad om by die keuse van Ketsjewajo as opvolger van Panda teenwoordig te wees, en daar kom stoornis.....

“A rabble rout by frenzy fired  
Or by the chosen heir inspired  
Round Shepstone closed, with fell intent,  
Their murderous eyes upon him bent,  
And asseguys in air that gleamed —  
No nearer death impending seemed  
When sooth it came in later years

DIE NUWE ANNEKSASIE TYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

Than then among the Zulu spears,  
Yet calm, with arm extended, he  
Points eastward to the shining sea:  
And "Yes!" he cries, "Your spears may kill,  
But for each drop of blood they spill  
A host from out yon sea will come,  
From England sent, my native home,  
And ample vengeance shall they take  
On you and yours for Somtseu's sake."  
Clear rang his voice upon the air;  
The lawless rabble crouch and stare;  
Down drop the spears and hark! a cry  
Inkos! Inkosi! rends the sky."

Onverskrokke waag Shepstone hom onder duisende van opgewonde en bloeddorstige Soeloes, en hy domineer hulle. Met iets van dieselfde soort van moed ry hy in die begin van 1877 met 'n poliesiemag van 25 man en ag siviele beamptes oor die grens van Natal die Transvaal in, — en hy annekseer die republiek! Agter hom was natuurlik die mag van Engeland, en die Transvalers het dit geweet; en tog is dit moeilik om te verstaan waarom hulle nie onmiddellik saamgestroom het om hulle duurgekogte onafhanklikheid te verdedig nie. Maar ons moet onthou dat hulle verdeeld was, en dat aan die hoof van die staat 'n man gestaan het, wat die staatkunde van die redende daadkrag nie verstaan het nie. 'n Inspirerende oproep tot die wapens het van Burgers nie uitgegaan nie. Hy het met Shepstone onderhandel en geprotesteer, en die volksraad het sy voorbeeld gevolg, maar Shepstone het gebly en onder die Union Jack het hy met sy ag beamptes die administrasie van Transvaal voortgesit.

As Paul Kruger aan die hoof van die republiek gestaan het, sou sake nie so verbrou geword het nie; maar ook hy maan nou tot voorlopige onderwerping, want hy sien nog 'n moontlike uitweg. Carnarvon tog het gesê dat die Transvaal geannekseer mag word, mits die meerderheid van die burgers dit verlang, en die eerste stap moet wees om die Engelse regering deur beter inligting te oortuig, dat die Britse vlag teen die sin van die volk daar wapper. Van nou af aan word Kruger, wat hy reeds lank moes gewees het, die erkende leier van sy volk. In 1877 gaan hy met dr. Jorissen na Engeland om die ware toestand aan Carnarvon bloot te lê. Die deputasie het geen sukses gehad nie, omdat Carnarvon nie oortuig wou word nie en volgehou het dat Kruger en Jorissen die mondstukke

van 'n klein minderheid was. 'n Besoek aan die vasteland van Europa om Holland, Frankryk en Duitsland tot intervensie te beweeg, was ook vrugteloo, ofskoon die deputasie, veral weëns die merkwaardige persoonlikheid van die leier, baie die aandag getrek en veel vriendelikheid geniet het. Teen die end van die jaar in Transvaal teruggekeer, raai Kruger nog tot kalmte aan: laat die volk eers nog 'n poging aanwend om langs vriendskaplike weg en wel deur 'n stemming die Britse regering te wys, dat die anneksasie op verkeerde voorstellings geskied het en dus herroep moet word. Shepstone wou nog keer, maar die stemming het plaasgevind, en die resultaat was 6,591 teen en 587 ten gunste van anneksasie. Met hierdie feite gaan Kruger nou weer na Engeland in 1878, hierdie keer vergesel deur generaal Piet Joubert. Sir Michael Hicks Beach was nou minister van kolonies, en hy was nog meer onwrikbaar as sy voorganger. Die tweede deputasie besoek ook verskillende Europese lande en was in Desember 1878 weer terug in Suid-Afrika. Sou Kruger nou tot aksie aanspoor? Nog nie. Die tyd was nog nie ryp nie. Teen Engeland veg, sou geen speultjie wees nie, en buitendien was toestande in Suid-Afrika van so 'n aard, dat 'n oorlog tussen blankes nie ligtelik aanvaar kon word nie. Groot natuurle-moelikhede het soos swaar onweerswolke oor die land gehang, en as hierdie gevaar opkom, dan voel die gevestigde Europese bevolking gewoonlik, dat dit nie verstandig is om onderling rusie te maak nie.

Soos ons gesien het, was die Kosaoorlog teen die end van 1878 so te sê afgeloop, maar onmiddellik daarna moes die Kaapkolonie met die Korannas en ander kleurlinge langs die Oranjerivier 'n lastige stryd begin, en terwyl dit nog aan die gang was in 1879, ontstaan daar ook moelikhede hoër langs die rivier op. 'Morosie, die hoof van die Bapoetiestam, wat onder Basoetoe-opperheerskappy gestaan het en dus ook onder die gesag van die Kaapse regering gebring was, raak in opstand, en dit het die Sprigg-ministerie heelwat inspanning gekos om die Bapoetie baas te raak. Die oorlog het eers teen die end van 1879 sy end bereik. In die tussentyd was daar nog veel groter gevaar aan die broei onder die Basoetoes. Die toenemende bewapening van die naturelle, wat op die diamantvelde gaan werk het om gewere te koop, het die Kaapse regering verontrus, en in 1878 passeer die Kaapse parlement die sogenaamde ontwapeningswet, waarvolgens die naturelle verplig was om hulle vuurwapens af te gee. Weëns die Bapoetie-opstand is hierdie wet eers teen die end van 1879 op die Basoetoes toegepas. Hulle het in verset daarteen gekom en in die tweede helfte van 1880 tot 'n

## DIE NUWE ANNEKSASIE TYD IN SUID-AFRIKA BEGIN.

opstand oorgegaan, wat ook na Griekwaland-Oos en Temboeland oorgeslaan het.

Die ontwapeningswet was 'n fout, en die koloniale kommando's het dit gevoel. Hulle het dus baie halfhartig teen die Basoetoes opgetree, en die hande van die Kaapse regering is nog verder gebind deur die negrofilistiese inmenging van die Britse regering (Gladstone was weer aan die bewind!). Die gevolg was dat die vegtery, sonder 'n beslissing ten gunste van die Kolonie, in uitgerekte onderhandelings oorgeslaan het, en die Basoetoes het hulle gewere behou. Onder sulke vernederende omstandighede wou die Kaapse regering en parlement toe van die verantwoordelikheid om die Basoetoes te beheer loskom, en na nog meer getalm is Basoetoeland eindelik in 1884 direk onder die Britse regering gestel.

Van 1877 tot in die begin van die jare '80 was daar dus wydverspreide natuurlike-onluste langs die grense van die Kaapkolonie. Afgesien van die Kosoorlog wat in 1878 geëindig het, kan hulle egter, wat werklike gevaar betref, nie met die ongeveer gelyktydige noordelike worsteling tussen Swart en Wit vergelyk word nie.

Shepstone het verskillende redes vir die anneksasie van die Transvaal opgegee, b.v.: die burgers sal anneksasie verwelkom; die republiek is bankrot; dis te swak om die Bapedie te beheer; dit moet teen 'n dreigende Soeloe-inval beskerm word. Die politiek van die sterk hand was dus o.a. bedoel om in die noorde natuurlike-onluste te voorkom. Dis dan verrassend om te verneem dat die grootste Kafferoorlog, wat die Transvaal ooit gevoer het, tydens die Britse besetting uitgebars het, en dat Natal byna gelyktydig deur 'n geweldige Soeloeaanval in die grootste gevaar gebring is. Hierdie feite is verdere bewyse van die mislukking van die Britse imperialisme in Suid-Afrika gedurende hierdie jare.

Voor 1877 het Shepstone, in stryd met 'n duidelike ooreenkoms, waarvolgens die Bapedie onder die oppergesag van die Transvaalse regering gestaan het, beweer en vir Carnarvon laat glo, dat Sekoekoenie 'n absoluut onafhanklike hoof was, en dat die Transvalers dus nie alleen te swak was nie, maar ook geen reg had om hom as 'n opstandeling te tugtig nie. In Pretoria neem Shepstone egter 'n teenoorgestelde houding in en eis van Sekoekoenie die tribuut van tweeduisend horingvee, wat hom deur president Burgers opgelê was. Die Bapediehoof, aangehits deur Ketsjewajo uit Soeloeland, weier om sy verpligting na te kom, en in Februarie 1878 begin hy 'n uitdagende oorlog teen die blankes. Die Transvaalse burgers wou vir Shep-

stone nie help nie; „Gee ons eers ons onafhanklikheid terug,” het hulle gesê; en ofskoon hulle geen aggressiewe misbruik van die netelige posiesie, waarin Shepstone verkeer het, gemaak het nie, het hulle passiewe houding hom veel ongeleentheid veroorsaak. Hy moes rondval om Britse troepe te kry, en in 1878 was die mag tot sy beskikking nog heeltemal onvoldoende om die brutaliteit van die Bapedie te bedwing. Kolonel Rowlands, die Britse aanvoerder, het onder ewe vernederende omstandighede as Burgers uit Sekoekoen se land teruggeval. In die tussentyd breek die Soeloeoorlog uit, en die Bapedie het tot die end van 1879 vry spel geniet.

Van Ketsjewajo se kroning en die imposante rol wat Somtseu daarby gespeel het, het ons gehoor, maar dit wil skyn of die indruk deur Shepstone gemaak nie van blywende aard was nie. Dit het in elk geval vir Ketsjewajo nie verhinder om die weg van Tsjaka en Dingaan in te slaan en van die Soeloes weer 'n militêr deeglik georganiseerde en oorlogsugtige volk te maak nie. Weldra maak hy aanspraak op meer grond na die weste toe en neem besit daarvan. Sir Bartle Frere versoek die Britse regering dringend om meer troepe, maar hulle daag nie op nie. Voorlopig was die sterk hand in Suid-Afrika teenoor die noordelike Bantoegevaar baie swak, maar hoe swak, het die hoë kommissaris en sy Natalse raadgewers nie besef nie. 'n Ultimatum is aan Ketsjewajo gerig, waarin o.a. die eis gestel is, dat hy 'n Britse resident in sy land moet opneem, en toe hy hom halsstarrig hou, is in Januarie 1879 'n leër van ongeveer 2,400 man Soeloeland ingestuur om hom 'n goeie les te leer. Die Boere het mos destyds met 'n paar honderd man Dingaan se mag verpletter; waarom sou 'n veel groter Britse ekspediesie nie vir Ketsjewajo se 50,000 krygsmanne baasraak nie? Dit was so die berekening, maar daar was ernstige foute in. Die Soeloes was veel gevaarliker as in die tyd van Dingaan, omdat baie van hulle met gewere gewapen was; en die kuns om teen Kaffers oorlog te voer, wat vir die Boer natuurlik is, omdat hy deur geslagte heen daarin geoefen is, kan die Britse offisier en soldaat slegs deur dure ondervinding aanleer. Paul Kruger het vir lord Chelmsford, die Britse bevelvoerder, gewaarsku om altyd laers te maak, wanneer die troepe hulle mars onderbreek, en om gedurig verkenners in alle rigtings uit te stuur, maar sy raad is met 'n glimlag aangehoor. Sou 'n eenvoudige Boer dan meer van oorlog afweet as 'n Britse offisier van hoë rang? By Isandhlwana en Rorkesdrif het die Engelse leër die bitter vrugte gepluk van Chelmsford se verwaarlosing van Kruger se raad. Die grootste gedeelte van die invallende

troepemag, wat in verspreide kolomme getrek het, is deur die Soeloes uitgeroei. Dat Chelmsford nie self omgekrom het nie, was meer geluk as wysheid. By een geleentheid het hy 'n groot Soeloefdeling vir 'n trop beeste aangesien! Die hele ekspediesie het op 'n treurige mislukking uitgeloop, en die enigste ligpunt daarin was die dapperheid waarmee die Britse troepe onder hopelose omstandighede onwrikbaar tot die dood toe standgehou het.

Die profesie van Somtseu het egter nou in vervulling getree. Van oor die see het groot versterkings opgedaag. Teen die middel van 1879 was meer as 12,000 man met 36 kanonne in Natal beskikbaar, en sir Garnet Wolseley, 'n uitstaande persoon in die Britse militêre wêreld, kom die teuels van Chelmsford oorneem. Hy is benoem tot opperbevelvoerder en goewerneur in Natal, asook tot hoë kommissaris oor Transvaal. Hier tree sir Theophilus Shepstone ook nou van die toneel af en word as administrateur deur sir Owen Lanyon opgevolg. Voor Wolseley se aankoms het Chelmsford gelukkig nog daarin geslaag om sy eerste fatale foute te herstel. Die eerste versterkings het hom die kans gegee om met sowat 4,600 man Soeloeland in te trek en in die slag van Oeloendie, Ketsjewajo se hoofstad, op 4 Julie die Soeloehoofmag, op 20,000 geskat, verpletterend te verslaan. Sowat ses weke later is Ketsjewajo gevang, en al wat vir Wolseley oorgebly het om te doen, was om die regte soort van vredesreëling te tref. Hierin was hy nie erg gelukkig nie. Sy doel was om die Soeloenasie deur verbrokkeling vir altyd onskadelik te maak. Om dit te bereik, het hy vir Ketsjewajo na Kaapstad verban, en Soeloeland in dertien stukke onder eweveel hoofde opgesny. Voortdurende onderlinge stryd het hieruit gevloei, en die Soeloes het in biskop Colenso van Natal en sy dogter invloedryke verdedigers gehad.

In 1882 gaan Ketsjewajo na Engeland, waar Gladstone weer eerste minister was. Die „Swart Koning” is daar met groot geesdrif as gas van die regering ontvang, en sy merkwaardige aanpassingsvermoë, buitengewone begaafdheid en natuurlike waardigheid het hom in staat gestel om 'n baie gunstige indruk selfs in die hoogste kringe te maak. Hy het keil, manel en handskoene gedra, asof hy van sy geboorte af daaraan gewend was, en in sy omgang met die ou aristokratiese Engelse famielies was hy ook die gebore aristokraat. Die koningin het hom vriendelik ontvang, en dit was vir haar aangenaam om hom te kan meedeel dat sy (op advies van haar ministers) besluit het om hom in Soeloeland te herstel. In

Januarie 1883 is hy aan sy volk teruggegee, maar nie om soos vroeër oor hulle te regeer nie. Hy moes belowe: om die Britse oppergesag te erken; om geen militêre stelsel onder die Soeloes weer op te bou nie; om geen vuurwapens of ammunisie in sy land toe te laat sonder die toestemming van die Britse resident nie, ens. Onder sulke beperkings kon Ketsjewajo nie lank rustig bly nie, en na 'n vergeefse poging tot opstand het hy in Februarie 1884 as 'n vlugteling aan hartkwaal beswyk. Die laaste groot Soeloekoning was daarheen! Sy opvolger was Dinisoeloe, wat deur die hulp van 'n aantal Transvaalse, Vrystaatse, en Natalse Boere sy aanspraak op die kroon van Soeloeland gehandhaaf en aan hulle 'n stuk grond aan die noordwesgrens daarvan as beloning gegee het. So het die republiek Vryheid in 1884 ontstaan. Dis later by die herstelde Suidafrikaanse Republiek ingelyf.

Na sy ondoeltreffende vredesreëling in Soeloeland het sir Garnet Wolseley na die Transvaal gegaan en sy aandag aan Sekoekoenie gewy. 'n Groot militêre mag is teen hom gestuur, en in November 1879 is sy berg verower en sy mag gebreek.

Afgesien van die Basoetoemoelikheid was die groot Bantoe-onluste dus teen die end van 1879 afgeloop, en die Transvalers kon sonder om teen die blanke beskawing verraad te pleeg, hulle eis om die herstel van hulle onafhanklikheid met toenemende klem na vore bring.

#### § 4. Die Transvaalse Vryheidstryd.

Dat Kruger en die ander Transvaalse leiers na 1879 nog so lank getalm het om aan die begeerte van die volk, om met die wapens die verlore onafhanklikheid te herstel, toe te gee, moet aan 'n nuwe hoop om dit deur onderhandeling te kry, wat teen die end van 1879 gebore is, toegeskryf word. 'n Nuwe eleksie was in Engeland op hande, en daar was alle rede om te dink dat die liberale weer aan die bewind sou kom. Van hulle kon veel verwag word, want Gladstone het in sy verkiesingskampanjie feitlik beloof, dat hy die onafhanklikheid aan die Transvaal sou teruggee. (Hy het die anneksasie as 'n verfoeilike onreg bestempel en o.a. gesê: „As hierdie nuwe aanwinste (Sjeprus en Transvaal) net so kosbaar was as wat hulle waardeloos is, dan sou ek hulle nog wegstoot (repudiate), omdat hulle verkry is deur middels, wat die karakter van ons land onteer.”

Die liberale het 'n groot meerderheid by die eleksie gehad, en in April 1880 was Gladstone eerste minister, met Kimberley

as minister van kolonies. Kruger en Joubert gaan nou na Kaapstad en verkry die steun van baie parlamentslede daar by hulle vertoë aan die Britse regering, maar op 21 Mei kom 'n kabelgram van Kimberley, „dat die soewereiniteit van die koningin oor die Transvaal nie opgehef kan word nie,” en in Junie skryf Gladstone in dieselfde trant en voeg daaraan toe: „Dis onmoontlik om die kwessie nou te oorweeg, asof dit vir die eerste keer voorgelê word.” Die feit was, dat Gladstone sy verkiesingsbelofte moes breek, omdat hy geen kans gesien het om 'n voldonge feit te verander nie. Hy was bang vir die Britse publieke opinie. Sy handelwyse is begryplik, maar dis jammer dat hy weer die dekmantel van hoë sedelikheid daarby omgeslaan het. Hy het b.v. ontken dat hy ooit iets gesê het, wat die indruk kon wek dat hy van plan was om die Transvaalse onafhanklikheid te herstel. Sy woorde sou dan alleen 'n uitdrukking van verontwaardiging gewees en geen belofte van toekomstige aksie bevat het nie!

Vir die Transvalers het die tyd vir onderhandeling nou sy end bereik, en hulle maak hul vir 'n gewapende verset klaar. In Desember 1880 is 'n groot vergadering by Perdekraal gehou, en daar is besluit om die leiding van sake aan 'n driemanskap, Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius, toe te vertrou, en om die volksraad as hoogste gesagvoerende liggaam weer in die lewe te roep. Gelyktydig is Joubert tot kommandant-generaal benoem. Tussen vyf- en sesduisend burgers was teenwoordig, en hulle het plegtig onderneem om tot die dood toe saam te staan vir die herstelling van die vryheid van die republiek. Elkeen het tot teken van sy aandeel aan die groot nasionale verbond, 'n klip neergesit op die plek, waar die Perdekraal-monument later opgerig is. Op Dingaansdag is die Vierkleur weer in Heidelberg gehys, maar in Pretoria en ander dorpe waar Britse besettingstroepe gestasionneer was, het die Union Jack gewapper. Die wapens moes beslis watter vlag sou bly.

Lanyon het te min troepe gehad om besonder aggressief teen die burgers op te tree, maar sir George Colley, die opvolger van sir Garnet Wolseley, was op pad uit Natal met ses kanonne en oor 'n duisend man. By Laingsnek is sy leërtjie op 28 Januarie 1881 deur sowat 350 burgers onder kommandant-generaal Joubert met swaar verlies teruggeslaan, en by Ingogo word die Engelse deur generaal Smit gestuit. In die tussentyd het die Britse besettingsmagte in die Transvaal ook sleg gevaar. By Bronkhorsspruit het kolonel Anstruther b.v. op sy mars van Lydenburg, oor Middelburg, na Pretoria 'n

groot neerlaag gely. Colley besluit nou om op versterkings, wat vinnig aan die kom was, te wag, en hy vestig hom op Majubaberg in 'n skynbaar onaantaslike posiesie. Teen dagbreek op Sondag 27 Februarie sien die burgers die Britse soldate tweeduisend voet bo hulle op die berg. Hulle besef dadelik dat hulle eie posiesie onhoudbaar sal wees, as Colley toegelaat word om daar te bly. Vrywilligers meld hul dadelik aan om hom daarvandaan te verwyder, en in die vroeë môreson klim hulle die hange uit onder leiding van generaal Smit. Die entlike geveg was binne 'n halfuur oor. Aan die Engelse kant het 92 man gesneuwel, daaronder ook Colley, terwyl die burgers se totale verliese slegs ses was, nl. twee dood en vier gewond.

Die wonderbaarlike oorwinning het 'n trilling deur die hele Afrikanerdom laat gaan, en die Transvalers was oortuig dat God hulle vryheid aan hul teruggegee het. Dit het ook so gekom. Gladstone wou die oorlog nie voortsit nie, en op 6 Maart 1881 is 'n wapenstilstand tussen sir Evelyn Wood, Colley se opvolger, en generaal Joubert gesluit. Daarna volg die vredesonderhandelings, van Transvaalse kant deur die driemanskap gevoer en van Britse kant deur 'n sogenaamde koninklike kommissie, bestaande uit sir Hercules Robinson, die opvolger van sir Bartle Frere, as voorsitter, met sir Evelyn Wood en sir Henry de Villiers, die Kaapse hoofregter. Die endresultaat was die Konvensie van Pretoria van 3 Augustus 1881.

### § 5. Die Twee Konvensies.

Volgens die Konvensie van Pretoria is slegs 'n beperkte mate van selfstandigheid aan die Transvaal teruggegee. In die aanhef word duidelik gesê dat die land weer selfbestuur besit, maar onderwerp aan die susereiniteit van die Britse kroon, en in die liggaam van die verdrag word verder uiteengesit, in watter opsigte die onafhanklikheid van die Transvaal ingekort bly. Ons het reeds daarop gewys dat soewereine onafhanklikheid volmag na binne en na buite veronderstel. Die volmag na buite moes die Transvaal prysgee, want alle onderhandelings met buitelandse moondhede in verband met Transvaalse aangeleenthede sou voortaan deur die Britse regering gevoer word. Ook die volmag na binne is nie onaangetas gelaat nie, want daar sou 'n Britse resident in Pretoria bly, wie se spesiale plig sou wees om oor die belange van die Transvaalse naturelle 'n wakende oog te hou, en geen wetgewing rakende hierdie belange sou sonder die goedkeuring van die Britse regering van krag wees nie. Vir die res egter was die volksraad en die president

vry om die binnelandse aangeleenthede van die republiek na eie goedvinde te reël. Baie teensinnig het die volksraad hierdie verdrag bekragtig, maar Kruger het tot aanname en geduld aangeraai, en sy volk kon hom vertrou, want meer as iemand anders was hy daarvoor verantwoordelik, dat die Transvaal uiteindelik tog weer 'n vry republiek geword het.

Tot 1883 het die driemanskap regeer, maar toe is weer 'n presidensiële eleksie gehou, en die volkskeuse het op Paul Kruger geval. Sy teenkandidaat was Piet Joubert, en tweemaal daarna sou die kommandant-generaal as leier van die sogenaamde progressiewe party by latere verkiesings weer die stryd teen sy magtige oponent aanbind, maar altyd tevergeefs. Paul Kruger het president van die Transvaal gebly, totdat die Vierkleur weer vir die Union Jack in Pretoria moes plek maak. Onder die driemanskap was hy reeds die uitstaande figuur, en in die diplomatieke onderhandelings, wat na die Konvensie van Pretoria gevoer is, het hy die hoofrol gespeel.

Drie sake moes nog in orde gebring word, voordat die Transvalers sou tevrede wees: Die Britse susereiniteit met al sy implikasies moes verdwyn; die wesgrens van die republiek, wat deur die koninklike konvensie op 'n baie onverstandige manier vasgestel is, moes beter afgesteek word, en die Britse regering moes die groot vermeerdering in die Transvaalse staatskuld, wat deur Shepstone en Lanyon se kosbare administrasie en die tweede oorlog teen Sekoekoenie veroorsaak is, op sy eie rekening neem. Om hierdie sake reg te maak, het Paul Kruger teen die einde van 1883 met generaal Smit en ds. S. J. du Toit, van wie ons nog meer sal hoor, na Engeland gegaan. Lord Derby het in die tussentyd, 1882, minister van kolonies in Gladstone se kabinet geword, en by hom het die Transvaalse deputasie na alle kante toe so ongeveer hulle sin gekry. In Februarie 1884 is 'n nuwe konvensie in Londen geteken, en Kruger met sy twee kollegas kon hoogs voldaan na Suid-Afrika terugkeer. Voor hulle vertrek het hulle 'n reis op die vasteland gemaak, en geweldig geesdriftig was hulle ontvangs daar. In Holland, Duitsland, Frankryk en Spanje het volk en regering hulle op die hande gedra en geëer, en veral Kruger het weer die hoofaandag getrek. As 'n gelyke het hy met vorste en wêreldberoemde staatsmanne verkeer, want ook hy was 'n leier by die grasia van God; en hy was groot genoeg om onder al die nuwe invloede en eerbewyse, soos 'n massiewe toring op 'n rots in moederaarde se skoot gegrondves, onwankelbaar te staan. Hy het innerlik onveranderd gebly, die Voortrekkerseun, wat soos koning Dawid in sy jeug sy vader se skape opgepas het, met 'n eenvoudige, kragtige lewensbeskouing en met 'n on-

## GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

wrikbare geloof in die Bybel en die leer wat Kalvyn daaruit opgebou het, maar daar het ook trots uit sy oë gefonkel, trots op sy herkoms en volk, en nooit het hy afgewyk van sy groot lewensideaal, nl. om in 'n vry republiek die tradiesies, godsdiens en karakter van die Voortrekkers te handhaaf nie.

Die Konvensie van Londen het belangrike dele van die Pretoria-konvensie gekanselleer. Die ou aanhef, waarin die woord susereiniteit voorkom, is totaal geskrap, en hierdie woord word nêrens in die nuwe konvensie aangetref nie. Ook die beperking van die soewereine volmag na binne wat in 1881 op die Transvaal afgedwing was het heeltemal verdwyn. Die Britse resident word 'n gewone konsulêre beampte, en die republiek verkry weer die reg om ook sy binnelandse naturellepolitiek na eie goedvinde en sonder enige Britse medeseggenskap te reël. Alleen die volmag na buite het nog effens ingekort gebly. Die republiek kon wel voortaan self deur sy eie beamptes onderhandelings met ander state voer en verdrae met hulle sluit, maar verdrae met state buitekant Suid-Afrika, asook met Kafferhoofde oos of wes van die Transvaal, moes aan die Britse regering vir goedkeuring voorgelê word. So absoluut onafhanklik soos die Suid-Afrikaanse Republiek van 1852 tot 1877 gewees het, was dit na 1884 nie meer nie, maar van Transvaalse standpunt beskou was die nuwe reëling tog 'n enorme verbetering op die van 1881. Die susereiniteit was weg, en die inkorting van die soewereine volmag na buite was duidelik omskryf. Engeland had b.v. geen reg meer om onder 'n vae opperheerskappy, wat deur susereiniteit aangedui was, sy werklike bevoegdhede soos hulle in die Konvensie van Londen duidelik uiteengesit is, te oorskrei nie.

Die Londen-konvensie het vir die Transvaal nie 'n oomblik te vroeg gekom nie. Die Britse imperialisme het juis destyds op die drempel van 'n nuwe groot ontwaking gestaan. In Junie 1885 kom die konserwatiewe onder Salisbury weer aan die bewind, en afgesien van 'n kort tussentydperk van liberale regering, van Augustus 1892 tot Junie 1895, het hulle tot die end van 1905 die teuels behou. (Lord Roseberry het in 1894 vir Gladstone as leier van die liberale opgevolg en mnr. Balfour in 1902 vir Lord Salisbury as leier van die konserwatiewe). Hierdie opvlammings van die Britse imperialisme is o.a. veroorsaak deur nuwe en baie sterk imperialistiese bedrywigheid in ander Europese state, veral Frankryk en Duitsland, en om die Britse politiek ten opsigte van Suid-Afrika behoorlik te kan volg, moet ons die veel wyer imperialistiese stroom, wat uit Europa oor die hele wêreld en by name oor Afrika losgebars het, eers kortliks in oënskou neem.

## HOOFSTUK V.

### DIE VERDELING VAN AFRIKA.

#### § 1. Voorbereiding deur Sendelinge en Wetenskaplike Ontdekkingsreise.

Aan die begin van die neëntiende eeu was Afrika nog altyd die Donker Kontinent. Die geheim van sy binneland en die oorsprong van sy groot riviere was onopgelos, en afgesien van sy suidpunt, waar die Europese kolonisasie reeds 'n taamlke uitbreiding gekry het, was die gesag van Europese state op Afrikaanse bodem tot 'n aantal punte langs die kus beperk. Die Portugese mag langs die ooskus het nie veel verder as plekke soos Lourenço Marques, Sofala, Mosambiek en Mombasa gegaan nie, en in die weste was die Portugese kolonie Angola in werklikheid nie veel groter as die omgewing van Sint-Paul de Loanda nie. Aan die ooskus verder na die noorde toe was 'n aantal ou Engelse en Franse handelsposte. Aan die mond van die Gambiarivier, by Sierra Leone, aan die goudkus en by die mond van die Kongo het die Engelse hulle handelbetrekkings met 'n paar fortjies verseker, en hier en daar tussenin het die Franse ook so gemaak. Hulle belangrikste stigting was Sint Louis aan die mond van die Senegalrivier.

Kennismaking deur Europeane met die Afrikaanse binneland van die noorde uit is natuurlik veral deur die Sahara woestyn onmoontlik gemaak, maar die bestaan van 'n reeks van Mohammedaanse state langs die suidkus van die Middellandse see het ook lank hulle intog daar afgesny; en die groot moontlikhede wat die Nyl skynbaar vir ontdekkers kon aanbied, is nie alleen deur die watervalle van sy middelloop nie, maar ook deur die fanatisme van die Mohammedaanse woestynbewoners bemoeilik. Die verowering van Algiers deur die Franse in 1830 was van groot waarde vir die opening van Afrika. Dit het beteken dat daar eindelik 'n breuk gekom het in die wal, waarmee die Islam die noordelike intog afgesluit het, en ons vind dat die Franse belangstelling in die suidwestelike grensgebiede van die Sahara ook baie wakkerder geword het;